

# Het God Vir Jesus *In Ons Plek* Om die Lewe Gebring ?

## *Bevredig die Strafvervangende Versoening God se Geregtigheid?*

Kevin J. Mullins

# Het God Vir Jesus *in ons Plek* Om die Lewe Gebring?

*Ontdek die lig van die karakter van God*
*wat uit die duisternis skyn in die aangesig van Jesus Christus*
*(2 Korinthiërs 4:6)*

Gedruk deur

VadervanLiefde.com

Maart 2023
Vertaal na Afrikaans: 2024

# INHOUD

Wie Het Jesus Om die Lewe Gebring? .................................................. 4

Wat is God se Geregtigheid?............................................................... 7

Wat is God se Wraak of Toorn?.......................................................... 12

Jesus het Gekom om Ons te Red van... ................................................ 20

Deur God Geslaan en Verdruk ............................................................ 28

Christus het Gesterf sodat “aan die Goddeloosheid en die Sondes ‘n Einde gemaak word” ..................................................................... 34

Ek Sal Die Herder Slaan ..................................................................... 40

Waarom Het U My Verlaat? ................................................................ 42

Dit het Die Here Behaag om Hom te Verbrysel .................................... 57

Sonder Bloedvergieting Vind Daar Geen Vergifnis Plaas Nie................ 68

Om Jesus ‘n Vervloeking te Noem ....................................................... 78

Die Uur van Sy Oordeel het Gekom ..................................................... 82

Spesiale dank aan:

Ray Foucher (characterofgod.org)

Adrian Ebens (fatheroflove.info)

Timothy Jennings (comeandreason.com)

Danutasn Brown

Tensy anders aangedui, word alle woorde tussen hakies [ ] binne Bybelverse en kommentare deur die skrywer verskaf.

# *Wie Het Jesus Om die Lewe Gebring?*

John Piper, stigter van *desiringgod.org*, verduidelik die dood van Jesus:

> "Een van my vriende, wat vroeër 'n pastoor in Illinois was, het 'n paar jaar gelede gedurende die Heilige Week 'n groep gevangenes in 'n staatsgevangenis toegespreek. Op 'n stadium van sy boodskap het hy stilgebly en die mans gevra of hulle weet wie Jesus om die lewe gebring het. Sommige het gesê die soldate. Sommige het gesê die Jode. Sommige het gesê dit was Pilatus. Nadat daar stilte was, het my vriend eenvoudig gesê: '**Sy Vader het hom om die lewe gebring**.' ... Net soos Abraham die mes oor die bors van sy seun Isak gelig het, maar toe sy seun gespaar het omdat daar 'n ram in die bos was, **so het God die Vader sy mes oor die bors van sy eie Seun, Jesus, gelig** - maar Hom nie gespaar nie , want Hy was die ram; Hy was die plaasvervanger." (John Piper, *Who Killed Jesus? Desiringgod.org*)

Die leerstelling dat God sy Seun om die lewe gebring het in plaas daarvan om ons dood te maak, word "strafvervangende versoening" genoem. *Wikipedia* definieer dit soos volg:

> "Die strafvervangingsteorie verkondig dat Jesus die straf vir die mensdom se sondes gely het. Strafvervanging spruit uit die idee dat goddelike vergifnis goddelike geregtigheid moet bevredig, dit wil sê dat **God nie gewillig of in staat is om bloot sonde te vergewe sonder om eers 'n bevrediging daarvoor te vereis nie**."

'n Ander Christelike webwerf *gotquestions.org* definieer dit soos volg:

> "In die eenvoudigste moontlike terme, beteken die Bybelse leerstelling van strafvervanging dat Jesus se offer aan die kruis die plek inneem van die straf wat ons vir ons sondes behoort te ly. **As gevolg hiervan is God se geregtigheid bevredig, en diegene wat Christus aanneem, kan vergewe word en met God versoen word**. Die konsep verbind oortredings met straf en vervanging verwys na die daad van 'n persoon wat die plek van 'n ander inneem. Dus,

> **strafvervanging is die handeling van 'n persoon wat die straf vir iemand anders se oortredings oorneem**... Strafvervanging word duidelik deur die Bybel verkondig."

Strafvervangende versoening verkondig dat God kwaad is vir die mensdom omdat hulle Sy reëls oortree het, en as straf eis *Hy* die dood van die oortreder. Daar word geglo dat dit die enigste manier is waarop God die mensdom kan vergewe, want "God is nie gewillig of in staat om bloot sonde te vergewe sonder om eers 'n bevrediging daarvoor te vereis nie"; dus, nadat "God se geregtigheid bevredig is", kan slegs "diegene wat Christus aanneem, vergewe word en met God versoen word."

Medestigter van *desiringgod.org*, Jon Bloom, verduidelik Christus se missie verder:

> "...Jesus is aan 'n kruis tereggestel. Hy is as een van die ergste oortreders gereken. Sy dood was werklik, en dit was regtig verskriklik. **Hy was 'n voorwerp van wraak**. Maar nie net van Romeinse en Joodse wraak nie ... **Jesus was hoofsaaklik die voorwerp van sy Vader se wraak - die mees regverdigste en verskriklikste wraak wat daar is.** En hy was gewillig om daardie voorwerp te wees, selfs toe al sy menslike drange na 'n wegkomkans gesoek het (Markus 14:36). Dit is juis die rede waarom hy gekom het ... **Jesus, ons Middelaar, het die Vader se toorn oor ons sonde opgeneem en dit ten volle bevredig**, sodat 'elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie', maar die Vader se guns vir ewig sal geniet (Johannes 3:16) ... Wie sou ooit kon droom dat 'n Romeinse kruis, een van die ergste, mees vreesaanjaende martelingsmetodes wat nog ooit uitgedink is, 'n simbool sou word van die grootste liefde wat ooit bewys is? Want ''God bewys sy liefde vir ons juis hierin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was' en ons gered het 'van die straf van God' (Romeine 5:8-9)." (Jon Bloom, *The Wrath of God Was Satisfied, desiringgod.org*)

Is dit net ek, of sukkel enigeen van u om na God uit te reik nadat u sulke stellings gelees het? Dit klink meer na 'n situasie van gesinsgeweld, eerder as die ewige evangelie - 'n beledigende pa is woedend vir sy jongste kind, maar die ouer broer tree in en beskerm nie net die kind teen hul pa se toorn nie, maar absorbeer dit ook.

Is dit die ware evangelie? Indien wel, wat sê dit van ons Vader in die hemel? Het Christus werklik na hierdie aarde toe gekom en gesterf om ons van ons hemelse Vader te beskerm en te red? Sê God in die hemel, "Ek gee nie om wie ek doodmaak nie, solank iemand sterf omdat My reëls oortree is!"?




Is dit die ware evangelie?

Is dit werklik hoe 'n liefdevolle God sy toorn en geregtigheid uitvoer? Psalm 7:12 sê immers (AFR83): "God is 'n betroubare regter, 'n God wat altyd die skuldiges straf." In 'n poging om dit te verduidelik, skryf Norbert Link, op *eternalgod.org*:

> "**God se regverdige verontwaardiging is gerig op die opstandige mensdom wat weier om God te gehoorsaam en om hulle van hul bose en goddelose dade te bekeer.** Hierdie wêreld sal binnekort agterkom dat God BAIE KWAAD KAN WEES – Dit is verskriklik om in

> die hande van die lewende God te val. (Hebreërs 10:31). **Diegene wat aanmekaar opstandig weier om hul aan God te onderwerp, al weet hulle van beter, sal die prys betaal**." (Norbert Link, *Psalm 7:11, God is Angry at the Wicked Every Day, eternalgod.org*)

Die opmerkings wat jy sopas gelees het, weerklink ongelukkig van baie kansels af. Die boodskap dui aan dat God eendag sal breek en binnekort almal op hierdie planeet, wat weier om Jesus as hul soenoffer te aanvaar, sal uitwis. Dus, met hierdie begrip, sê God:, "As jy nie aanvaar dat Ek Jesus in jou plek om die lewe gebring het nie, sal Ek voortgaan met My oorspronklike plan om jou om die lewe te bring!" Dus word die gawe van die plaasvervangende dood van Christus deur God onttrek en nie op die sondaar se rekening toegepas nie. Teologie soos hierdie kan mans en vroue slegs lei tot pogings om God te gehoorsaam op grond van vrees, nie liefde nie.

Indien ons egter korrek verstaan hoe en waarom Christus gesterf het, sal dit ons help om te verstaan hoe en waarom die verlorenes op die ou einde sterf. Maar om dit te kan doen, moet ons eers verstaan hoe God se geregtigheid en toorn werklik werk.

# ***Wat is God se Geregtigheid?***

Om ons studie te begin, sal ons kyk na die betekenis van geregtigheid. Die tradisionele strafregtelike siening is dat God se geregtigheid die doodstraf en ewige skeiding van God eis. Dit kan slegs bevredig word as die skuldige persoon daardie boete betaal of as iemand anders namens hom dit betaal. Hoe dit ook al sy, iemand moet sterf. In hierdie siening is geregtigheid vergeldend. God se geregtigheid word soos volg op *gotquestions.org* gedefinieer:

> "Ons kan glad nie probeer om God se geregtigheid te verstaan tensy ons eers sonde verstaan nie. Sonde is wetteloosheid (1 Johannes 3:4) en ongeregtigheid (Daniël 9:4-5; Miga 2:1; Jakobus 3:6). Dit beliggaam alles wat in stryd is met God se heilige natuur en is vir Hom aanstootlik. **Sonde is dus 'n misdaad teen God, en geregtigheid eis 'n straf van die dood en skeiding van Hom** (Romeine 1:18-32; 2:5; 3:23). Maar God het sy Seun, Jesus Christus, aarde toe gestuur om daardie boete vir ons te betaal (Romeine 5:8-11; 6:23) en verlossing beskikbaar gestel aan almal wat in sy Naam glo (Johannes 1:12; 3:15- 17; 20:31)."

Dus, volgens die hoofstroom Christendom, is vergifnis en redding beskikbaar gestel aan almal wat in Jesus glo, eers nadat Jesus gesterf het om God se geregtigheid te bevredig. Dit blyk dat God 'n wrok koester totdat Hy gekry het wat Hy geëis het, want sonde "is vir Hom aanstootlik."

'n Korrekte begrip  van geregtigheid hang egter af van 'n korrekte siening van God se wet. Die algemene siening is dat God se wette 'n stel reëls is wat, wanneer dit gebreek word, vereis dat God voortdurend *aktief strawwe oplê* om geregtigheid te handhaaf. Volgens hierdie siening sal God byvoorbeeld aktief besluit watter siektes om mense te gee. Die Bybelse siening is egter dat God se wette die ontwerpprotokolle is waarop die lewe funksioneer; dit is daar om ons te beskerm en te bevoordeel – dit is gebaseer op oorsaak en gevolg, en in hierdie scenario is siektes manifestasies van die wanorde in ons liggame as gevolg van die oortreding van God se wette. Dus word die wette gegee vir ons beswil, en die verwoesting as gevolg van wetsoortreding kom nie van God af, soos baie mense dink nie, maar van Hom wanneer Hy die gevolge van sonde toelaat:

> *"En nou, Israel, die Here jou God vra net dat jy Hom moet eer, sy wil moet gehoorsaam, Hom moet liefhê en dien met hart en siel. Gehoorsaam die gebooie en voorskrifte wat die Here jou vandag deur my gee.* ***Dit sal tot jou voordeel wees****." (Deuteronómium 10:12,13)*

God se wet, (תּוֹרָה; torah) beteken doodeenvoudig *instruksies*. Sy gebooie en insettinge is die instruksies wat Hy aan ons gegee het om ons te wys hoe om te lewe en is gebaseer op onbaatsugtige liefde vir ander (Romeine 13:8,10). God gee ons die vryheid om buite die grense van sy wet te wandel en in plaas daarvan om *opgelegde strawwe* te maai, pluk ons die *natuurlike gevolge* van ongehoorsaamheid. Volgens die Skrif gaan God se geregtigheid nie oor vergelding vir die verbreking van sy wet nie; God se geregtigheid is bemoeid daarmee om ons te herstel na harmonie met God en Sy wet.

> "In besprekings oor God se karakter word daar dikwels gesê 'God is liefde, maar Hy is ook regverdig.' Daardie gesegde word nêrens in die Bybel gevind nie. Dit sê wel dat God liefde is en dit sê wel dat God regverdig is (Deuteronómium 32:4, Jesaja 45:21). Die kombinasie van die twee stellings met die 'maar' tussenin, plaas die twee egter in opposisie. Dit suggereer die idee dat God liefde is, maar as jy Hom teenstaan, pasop – Hy sal Sy houding teenoor jou verander en Sy regverdige kant wys. Soos ek gesê het, die Bybel sê wel dat God regverdig is, maar elke gebruik van regverdigheid of geregtigheid weerspieël 'n liefdevolle optrede. Dit sal sê, om geregtigheid te bewys aan die armes, aan weduwees of die oues. **Nooit weerspieël dit die idee van vergelding, soos baie mense dink nie** ... God se geregtigheid in die Tradisionele Regsmodel en die denke van die meeste Christene gaan alles oor vergelding vir sonde. Iemand moet die boete betaal. Aangesien jy die misdaad gepleeg het, sit jy jou tyd uit in die tronk. So 'n siening verminder God se genade en vergifnis; dit maak Hom selfs onderworpe aan geregtigheid wat bevredig moet word. **Volgens die Bybelse Genesingsmodel is God se geregtigheid om die regte ding te doen volgens die wet van liefde, om te herstel na die regte toestand, om te genees en te red.** Geregtigheid, as dit werklik in liefde geskied, is om eers die goeie van ander te soek, dit gaan nie daaroor om tred te hou met verkeerde dinge om tellings te vergelyk

nie. **Geregtigheid is herstellend, maar as dit nie in staat is om te herstel nie, stel dit die oortreder bloot aan die onvermydelike gevolge van sonde, naamlik die dood**." (Ray Foucher, *Justice, characterofgod.org*, Februarie 7, 2018)

*"God se geregtigheid behels om dinge reg te stel, nie om te straf nie. God se geregtigheid behels deernisvolle ingryping in 'n wêreld van onreg, waar diegene wat mishandel word spesiale aandag kry. God se geregtigheid is iets waaraan ons deelneem wanneer ons dinge regstel in die wêreld."*

*~ Louis Johnson ~*

'n Paar voorbeelde van God se geregtigheid:

1. ***"Doen reg aan die swakke en die wees;*** *gee aan die ellendige en die arme sy reg." (Psalm 82:3)*

Kan jy sien hoedat God se geregtigheid nie gaan oor vergelding nie, maar om te doen wat reg is – die verdediging van die armes, die vaderloses en swakkes?

2. Psalm 146 beskryf God as een wat "aan die verdruktes reg doen" en 'reg doen' word gedefinieer as "trou bly tot in ewigheid"; God sal "aan die hongeriges brood gee"; "maak die gevangenes los" (diegene wat in sonde gevange gehou word); "open die oë van die blindes" (beide fisies en geestelik); "rig die wat geboë is, op"; "behoed die vreemdelinge" onder Sy

volk; en "rig wees en weduwee weer op." In Eségiël 45:9 lees ons:

**3.** *"So sê die Here HERE: Dit is nou genoeg, o vorste van Israel! **Verwyder geweld en verdrukking**, en doen <u>reg</u> en geregtigheid; hou op om my volk uit hulle besittings te verdring, spreek die Here HERE."*

Hier pleit God by die korrupte leiers om "reg en geregtigheid" te begin uitvoer deur Sy mense reg te behandel. Die Nuwe Lewende Vertaling lees:

> *"Want so sê die Oppermagtige Here: Genoeg, julle regeerders van Israel! **Hou op met julle geweld en verdrukking en doen wat reg en goed is**. Hou op om my mense te besteel en uit hulle grond te bedrieg!"*

Dit openbaar ook dat God se geregtigheid nooit gaan oor geweldpleging teenoor enigiemand nie!

**4.** *"**Geregtigheid** en reg is die grondslag van u troon**;** **goedertierenheid** en trou gaan voor u aangesig uit. (Psalm 89:15)."*

Hierdie vers gebruik Hebreeuse parallelisme waar twee woorde of frases mekaar verduidelik. In hierdie geval word Bybelse "geregtigheid" gedefinieer deur "goedertierenheid" (of genade) en "reg" word gedefinieer deur "trou" (of waarheid). God se geregtigheid is dus om altyd goedertierenheid (חֶסֶד; checed) te betoon, wat letterlik beteken: "liefdevolle goedhartigheid in toegewing aan die behoeftes van Sy skepsels."

**5.** *"Die HERE word geken aan die **geregtigheid** wat Hy bring; <u>die goddelose word verstrik deur die werk van hulle hande.</u>" (Psalm 9:16; vry vertaal uit die Berean Standard Bible)*

Weereens is dit duidelik dat God se geregtigheid nie geskied deur geweldpleging teenoor enigiemand nie, maar gedefinieer word deur die volhardende sondaars oor te gee aan hul eie vernietigende keuses - wat inherente gevolge tot gevolg het, nie opgelegde strawwe nie.

Maar wat van God se toorn? Jesus het gely onder die toorn van God toe Hy in ons plek om die lewe gebring is, en as iemand daardie offer verwerp, sal hulle onder die toorn van God moet deurloop ...... maar is dit korrek?

# ***Wat is God se Wraak of Toorn?***

Dit is wat *christianity.com* sê:

> "Daar is 'n aantal woorde in beide die Ou en Nuwe Testament wat as *wraak* vertaal word. Hierdie woorde word ook partymaal as *toorn* vertaal. Hulle verwys meestal na God se reaksie op menslike ongehoorsaamheid. Maar die woorde word ook gebruik in verband met 'n negatiewe menslike reaksie op ander mense. **Daar is regtig geen manier om 'die wraak van God' te versag om iets anders te beteken as 'n woedende reaksie van God se kant op menslike ongehoorsaamheid nie** ... Romeine 2:5 bied 'n goeie perspektief op presies wat God se toorn is, 'Maar ooreenkomstig jou verhardheid en onbekeerlike hart vergader jy vir jou toorn as 'n skat in die dag van die toorn en die openbaring van die regverdige oordeel van God.' Die toorn van God blyk sinoniem te wees met sy regverdige oordeel. God se wraak/toorn is nie woedende vergelding teen diegene wat God aanstoot gegee het nie. Dit is eerder sy regverdige oordeel oor dié wat kwaad doen. God is regverdig. En Hy sal ons oordeel volgens Sy regverdige maatstaf. **God se toorn oor sondaars is niks meer as om aan hulle te gee wat hulle verdien nie**."

Op *desiringgod.com*, skryf Joseph Scheumann:

"God se toorn moet gevrees word, want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God (Romeine 3:23)**. God se toorn moet gevrees word, want na regte is ons (sonder Christus) veroordeelde sondaars** (Romeine 5:1). God se toorn moet gevrees word omdat hy magtig genoeg is om te doen wat hy belowe (Jeremia 32:17). God se toorn moet gevrees word, want sonder Christus belowe God ewige straf (Matthéüs 25:46) ... God is liefde, en God doen alles tot sy eer (1 Johannes 4:8; Romeine 11:36). Hy het sy heerlikheid bo alles lief (en dit is 'n goeie ding!). Daarom regeer God die wêreld op so 'n manier dat dit vir Hom maksimum heerlikheid bring. Dit beteken dat God regverdig moet optree en sonde veroordeel (d.w.s. Hy reageer met toorn), anders sou God nie God wees nie ... **God se toorn word in Christus bevredig**. Hier het ons die uiteindelike goeie nuus: 'Christus Jesus het in die wêreld gekom om sondaars te red' (1 Timótheüs 1:15). As gevolg van Christus kan God sondaars met reg geregverdig noem (Romeine 3:26). **Deur ons van sy eie toorn te red**, het God gedoen wat ons nie kon doen nie, en Hy het gedoen wat ons nie verdien nie."

Daardie laaste beklemtoonde opmerking – "Deur ons van sy eie toorn te red" – herinner my aan 'n grappie wat algemeen onder ateïste voorkom, wat soos volg met die Christendom die spot dryf:



**Jesus:** "Klop, Klop!"
**Mense:** "Wie's daar?"
**Jesus:** "Dit is Jesus, kan Ek inkom?"
**Mense:** "Hoekom?"
**Jesus:** "Sodat Ek jou kan red."
**Mense:** "Van wat?"
**Jesus:** "Van wat Ek jou gaan aandoen as jy My nie inlaat nie!"

Die waarheid is dat God se toorn nooit woede-uitbarstings en skade aan ander insluit nie. God se toorn gaan nie daaroor om vir hulle te "gee wat hulle verdien", sodat dit lyk of God hulle doodmaak nie, maar om hulle met groot teësin oor te gee aan die natuurlike gevolge van hul keuses. God gee altyd aan die mens sy vrye keuse deur mense toe te laat om hul eie begeertes te ontvang.

Een ding wat ons moet onthou is dat ons NIE God se toorn moet vrees "want na regte is ons veroordeelde sondaars" nie. Die oortuiging dat ons "na regte … veroordeelde sondaars" is, dui daarop dat dit God is wat die veroordeling doen, maar die Skrif vertel ons presies wie die mensdom van die begin af veroordeel het:

> *En die groot draak is neergewerp, die ou slang wat genoem word **duiwel en Satan**, wat die hele wêreld verlei, hy is neergewerp op die aarde, en sy engele is saam met hom neergewerp. Toe hoor ek 'n groot stem in die hemel sê: Nou het die heil en die krag en die koningskap die eiendom van onse God geword, en die mag van sy Christus; want **die aanklaer van ons broeders is neergewerp, hy wat hulle aanklaag voor onse God, dag en nag**. (Openbaring 12:9-10)*

Satan is duidelik die veroordelende aanklaer, soos Paulus sê, "Daar is dan nou geen veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie" (Romeine 8:1). Hoekom? Is dit omdat Jesus God se toorn bevredig het en God nou van plan verander het en veroordeling verwyder is? Nee. Dit is omdat ons "in Christus" besef dat God ons in die eerste plek nooit veroordeel het nie.

Dit is hier die belangrikste om God se toorn (woede) te definieer. As ons in ag neem dat ons weë nie Sy weë is nie (Jesaja 55:8,9), moet ons ons onderwerp aan die feit dat God se toorn heeltemal teenstrydig gaan wees met die manier waarop ons toorn en woede openbaar.

In Jakobus 1:20, sê dit, "Want die toorn van 'n man bewerk nie die geregtigheid voor God nie." Dit wys duidelik dat die mens se toorn glad

nie die geregtigheid van God bring nie, want sedert Adam se sonde skiet die mensdom tekort aan die heerlikheid (karakter) van God (Romeine 3:23). Die Afrikaanse Bybel vir Almal stel dit so: "Want wanneer 'n mens kwaad word, dan doen hy nie die dinge wat God wil hê nie." Weereens, menslike woede is baie anders as God se woede.

Die Hebreeuse woord vir God se toorn is אַף (aph) wat dieselfde stamwoord is vir Sy "lankmoedigheid" (anaf) teenoor die sondige mensdom. Dit beteken 'n intense swaar asemhaling (droefheid) deur die neusgate. Om dit verder te wys, laat ons kyk hoe Jesus woede uitgedruk het, en onthou dat Hy "die afskynsel van [God se] heerlikheid en die afdruksel van sy wese" is (Hebreërs 1:3).

> *"En Hy het weer in die sinagoge gegaan, en dáár was 'n man met 'n verdorde hand. En hulle het Hom in die oog gehou, of Hy hom op die sabbat gesond sou maak, sodat hulle Hom kon aanklae. En Hy sê vir die man met die verdorde hand: Staan op in hul midde. Daarop sê Hy vir hulle: Is dit geoorloof om op die sabbat goed of kwaad te doen, 'n lewe te red of dood te maak? Maar hulle het stilgebly.* ***En nadat Hy hulle rondom met <u>toorn</u> aangekyk het en tegelykertyd <u>bedroef</u> was oor die hardheid van hulle hart****, sê Hy vir die man: Steek jou hand uit! En hy het dit uitgesteek, en sy hand is herstel, gesond soos die ander een. Toe gaan die Fariseërs uit en hou dadelik raad met die Herodiane teen Hom, sodat hulle Hom sou kan ombring. (Markus 3:1-6)*

Dit beskryf 'n ontmoeting tussen Jesus en die Fariseërs. Die beperkings wat hulle bygevoeg het, het genesing op die Sabbatdag verbied. Jesus, wat hulle harte gelees het, "het hulle rondom met **toorn** aangekyk." Watter soort woede het Jesus gehad? Die soort woede wat beskryf word as "**bedroef** ... oor die hardheid van hulle hart." Jesus het hartseer, of diepe droefheid, ervaar oor die gebrek aan liefde en simpatie wat deur hierdie genadelose godsdiensleiers getoon is aan die man met die verdorde hand.

Die Sabbat is bedoel vir rus, en dit is presies wat Jesus aan hierdie arme man wou gee. Let asseblief daarop dat Jesus se toorn nie getoon is deur Sy vyande – die Fariseërs – om die lewe te bring nie. Jesus het duidelik gevra: "Is dit geoorloof om op die sabbatdae goed te doen, of om kwaad te doen? Om lewe te red, of dood te maak?" Let op die parallelisme:

- Goed te doen = lewe te red
- Kwaad te doen = dood te maak

*Doen God of Sy Seun ooit iets wat sleg is?*

In Exodus 4:10–13 was Moses bang om alleen voor Farao te staan en het 'n woordvoerder gevra. Hoe het God gereageer?

> *"**Toe ontvlam die toorn van die HERE teen Moses**, en Hy sê: Is jou broer Aäron, die Leviet, nie daar nie? Ek weet dat hy goed kan praat. En hy gaan ook al uit om jou te ontmoet, en as hy jou sien, sal hy bly wees in sy hart. Jy moet dan met hom spreek en die woorde in sy mond lê. En Ék sal met jou mond en sy mond wees en julle leer wat julle moet doen. (Exodus 4:14-15)*

Hoe het God Sy woede uitgedruk? Het Hy Moses geslaan en Hom enige skade aangedoen? Nee. Alhoewel God bedroef was oor Moses se gebrek aan geloof, het Hy vir Moses gegee wat hy gevra het - iemand anders wat namens hom praat. Paulus beskryf ook God se toorn op hierdie manier:

> *"Want **die toorn van God word van die hemel af geopenbaar** oor al die goddeloosheid en ongeregtigheid van die mense wat in ongeregtigheid die waarheid onderdruk," (Romeine 1:18)*

Hoe word die toorn van God geopenbaar? Paulus gaan voort:

> *"Daarom het **God hulle ook in die begeerlikhede van hulle harte oorgegee** aan onreinheid, om hulle liggame onder mekaar te onteer ..." (Vers 24)*

*"Daarom het God **hulle oorgegee** aan skandelike hartstogte..." (Vers 26)*

*"En omdat hulle dit nie die moeite werd geag het om God in erkentenis te hou nie, het God **hulle oorgegee** aan 'n slegte gesindheid, om te doen wat nie betaam nie ..." (Vers 28)*

God se toorn word hier gedefinieer as 'n oorgawe – dat God hulle *oorgee*. God gee die mense vryheid om hulle van Hom af te skei. Op bladsy 9 in sy boek, *The Loving Wrath of God*, (Afrikaanse vertaling: *God se Barmhartige Toorn*) skryf Gary Hullquist:

> "Toe Mirjam en Aäron teen Moses gespreek het, het "die toorn van die HERE teen hulle ontvlam, en Hy *het weggegaan*. En toe die wolk van die tent af *weggetrek* het, kyk, toe was Mirjam melaats." (Sien Numeri 12) God se weë verskil werklik van ons s'n. Wanneer ons woede teen iemand opvlam, benader ons hom, ons val aan, en ons vernietig! In teenstelling daarmee beweeg God *weg*. Hy draai weg."

Soms blyk dit dat God se toorn die direkte oorsaak is van iemand se skade of sy dood. In Hosea 13:11 sê God vir Israel: "Ek gee jou 'n koning in my toorn, en Ek neem hom weg in my grimmigheid." Dit blyk beslis dat God koning Saul direk in sy toorn doodgemaak het, maar kom ons kyk na verse 9 en 10, saam met vers 11 soos dit lees in *die King James Version [vry vertaal]*:

*God se woede is Sy intense droefheid in die wete dat Hy die onbekeerde mens sal moet oorgee aan dit wat hy in sy selfsug begeer.*

*"O Israel, **jy het jouself vernietig**; maar in My is jou hulp. Ek sal jou koning wees; is daar iemand anders wat jou kan*

> *red in al jou stede? en jou regters van wie jy gesê het: Gee my 'n koning en vorste?* ***Ek het vir jou 'n koning gegee in my toorn en hom in my grimmigheid weggeneem.****" (Hosea 13:9-11)*

God se toorn en woede hou verband met Israel wat *hulself vernietig* deur 'n aardse koning te versoek. God se "woede" het gereageer deur aan hulle te gee wat hulle in hul selfsug begeer het. Maar kan ons met sekerheid weet wat God bedoel het deur te sê dat Hy hulle koning in sy toorn "weggeneem" het? Ja.

> *"En Saul het gesterwe weens ontrou wat hy teen die HERE begaan het, weens die woord van die HERE wat hy nie gehou het nie; en ook omdat hy die gees van 'n afgestorwene om inligting gevra het, maar die HERE nie geraadpleeg het nie.* ***Daarom het Hy [God] hom omgebring*** *en die koningskap laat oorgaan op Dawid, die seun van Isai. (1 Kronieke 10:13-14)*

A-ha! Om Saul in toorn weg te neem, beteken wel dat God hom direk doodgemaak het! Wel, nie so haastig nie. Presies hoe het Saul gesterf? Kom ons lees verse 3-6:

> *"En toe die geveg swaar word teen Saul en die boogskutters hom aantref, het hy gebewe van angs vir die skutters. En Saul het aan sy wapendraer gesê: Trek jou swaard uit en deurboor my daarmee; anders kom hierdie onbesnedenes en dryf die spot met my. Maar sy wapendraer wou nie, omdat hy baie bevrees was.* ***Daarop neem Saul die swaard en val daarin****. Toe sy wapendraer sien dat Saul dood was, val hy self ook in die swaard, sodat hy gesterf het.* ***So het Saul en sy drie seuns dan gesterwe; en sy hele huis, almal saam, het gesterwe****. (1 Kronieke 10:3-6)*

Hoe versoen ons hierdie oënskynlike teenstrydigheid? God het Saul "omgebring" deur sy vrye keuse te respekteer en hom nie te verhinder om selfmoord te pleeg nie.

Hier is nog 'n voorbeeld:

*"En die gemengde bevolking wat onder hulle was, is met lus bevang. Toe het die kinders van Israel ook weer geween en gesê: Wie sal vir ons vleis gee om te eet? ... Toe het Moses die volk, volgens hulle geslagte, ... hoor ween;* ***en die toorn van die HERE het grootliks ontvlam****; ook was dit verkeerd in die oë van Moses. ... Toe het 'n wind wat van die HERE kom, uitgevaar en kwartels van die see af oorgedrywe en op die laer gestrooi ... Toe het die volk opgestaan daardie hele dag en die hele nag en die hele volgende dag en die kwartels versamel. ... Die vleis was nog tussen hulle tande, voordat dit gekou was, toe* ***die toorn van die HERE alreeds teen die volk ontvlam het****, en die HERE het onder die volk 'n baie groot slagting teweeggebring."* ***(Númeri 11:4,10,31–33)***

Ons sal die deel oor "die HERE het n groot slagting teweeggebring" later bespreek, maar hier sien ons weer God se woede en toorn in aksie. Neem asseblief kennis dat God se woede weereens uitgedruk word deurdat God hulle presies gee wat hulle wou hê - vleis om te eet. Let op hoe die Psalmdigter van hierdie insident praat:

*"Hy het ook vleis op hulle laat reën soos stof, en geveerde voëls soos die sand van die see. En hy het dit in die middel van hulle laer laat val, rondom hulle woonplekke. En hulle het geëet en was goed versadig, want* ***Hy het hulle hul eie begeerte gegee****." (Psalm 78:26-29 Contemporary Afrikaans Bible, 2023)*

Maar wat het Moses bedoel deur te sê: "...die HERE het n groot slagting teweeggebring"? Dwarsdeur die Skrif lees ons vreemde uitsprake, bv. dat God harte verhard (Eksodus 7:3), bose geeste stuur (Rigters 9:23; 1 Samuel 16:14), lewens vernietig (Genesis 6:7; 1 Korinthiërs 3:17) en sterk dwalings stuur (2 Thessalonicense 2:11). Dit is alles idiomatiese Hebreeuse uitdrukkings wat aandui dat God "doen" wat Hy teësinnig "toelaat" om te doen. Om 'n groot slagting teweeg te bring, moet verstaan word as God se beskermende teenwoordigheid wat onttrek word, wat inherent toelaat dat plae en siekte binnegelaat word. Die slagting het gebeur as 'n direkte gevolg daarvan dat hulle die kwartels geëet het.

Dit verwys terug na Psalm 7:12, wat ons vroeër gelees het, wat sê: "God oordeel die regverdiges, en God is elke dag toornig op die goddelose." (Contemporary Afrikaans Bible, 2023). Word die "toorn" van God uitgedruk wanneer as Hy hulle teësinnig oorgee aan hul begeertes, om sodoende hulself te vernietig? Ja, want so sê verse 14-16:

> *"Kyk, hy het barensnood met ongeregtigheid, en hy het onheil ontvang en valsheid voortgebring.* ***Hy het 'n put gemaak en dit gegrawe, en hy het geval in die sloot wat hy gemaak het. Sy onheil sal op sy eie hoof terugkeer, en sy gewelddadige optrede sal op sy eie skedel neerkom****." (Contemporary Afrikaans Bible 2023)*

Hier sien ons weer dat God ALTYD die vrye wil eer. Trouens, in vers 17 stel die skrywer dit gelyk aan God se "geregtigheid" – "Ek wil die HERE loof na sy geregtigheid, en die Naam van die HERE, die Allerhoogste, psalmsing!" Kan u sien dat, indien God diegene doodgemaak het wat buite Sy wil beweeg, Hy 'n God sou wees wie se regering gebaseer is op geweld en werke, wat in stryd is met 'n vrye keuse?

Noudat ons 'n bietjie meer verstaan oor wat God se geregtigheid en toorn is, kan ons aflei dat God nie die Een is wat die sondaar direk doodmaak nie. Maar as Christus nie gekom het om ons te red van God wat ons om die lewe bring nie, waarvan het Christus ons kom red?

# *Jesus het Gekom om Ons te Red van…*

> *"en sy sal 'n seun baar, en jy moet Hom Jesus noem, want* ***dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos****." (Matthéüs 1:21)*

Jesus het gekom om ons van ons sondes te red! Hoekom?

> *"Maar elkeen word versoek as hy deur sy eie begeerlikheid weggesleep en verlok word. Daarna, as die begeerlikheid ontvang het, baar dit*

*sonde; en as die sonde tot volle ontwikkeling gekom het, bring dit die dood voort." (Jakobus 1:14,15)*

Jesus het gekom om ons van ons sondes te red, want dit is sonde wat die dood voortbring. Jesus het nie gekom om ons te red van God wat ons doodmaak nie, Hy het gekom om ons te red van sonde wat ons doodmaak. Paulus bring hierdie waarheid na vore toe hy gesê het:

*"Want die loon van die sonde is die dood, maar die genadegawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus, onse Here." (Romeine 6:23)*

Die meeste mense lees hierdie vers en dink dat God ons met die dood sal beloon, maar dit is nie wat hier gesê word nie. Dit sê dat sonde ons beloon met die dood. God kan ons nie met die dood beloon nie, want daar is geen dood in God nie; net lewe (Spreuke 12:28), net soos ons werkgewer ons nie met geld kan betaal as hulle nie geld het nie. Paulus sê:

*"Wie saai om sy vlees te behaag, sal uit die vlees verwoesting maai; maar hy wat saai om die Gees te behaag, sal uit die Gees die ewige lewe maai." (Galásiërs 6:8; Berean Standard Bible – vry vertaal)*

Ons maai vernietiging "uit die vlees" omdat dit sonde is wat op 'n natuurlike wyse tot die dood van die sondaar lei. God het besluit watter aktiwiteite sondig was, gebaseer op die vraag of dit 'n skadelike resultaat sou lewer of nie. Sy wette is nie arbitrêr nie maar heeltemal redelik. Johannes sê, "sonde is die oortreding van die wet" (1 Johannes 3:4) en dit is SONDE wat die dood voortbring, nie die Wetgewer nie.

Die beskouing dat straf deel vorm van God se wet, verkondig dat dit nie sonde is wat jou inherente skade bring nie, maar eerder die moeilikheid met die Wetgewer, wat Sy mag sal gebruik om jou te straf en seer te maak, en as Hy dit nie gedoen het nie, dan kan jy vir ewig in sonde lewe, want dit is nie werklik die sonde wat jou skade bring nie. Met ander woorde, sonde is nie die probleem nie, die probleem is God se gesindheid teenoor die sondaar, en al het Hy die sondaar lief, word daar steeds van Hom verwag

om die sondaar te straf, dood te maak of selfs te martel. Die rede waarom Christus gekom en gesterf het, is dus om God van gedagte te laat verander teenoor ons, maar dit is die leuen van die strafregtelike siening. Kyk gerus na hierdie vers in die boek Génesis:

> *"maar van die boom van die kennis van goed en kwaad, daarvan mag jy nie eet nie; want die dag as jy daarvan eet, **sal jy sekerlik sterwe**." (Génesis 2:17)*

My vraag is: Gee God hier 'n dreigement of 'n waarskuwing?



- **Dreigement** - "die dag wat jy daarvan eet sal ek jou om die lewe bring."
- **Waarskuwing** - "die dag wat jy daarvan eet, sal jy uiteraard sterf omdat jy jouself van My – jou enigste bron van lewe – ontkoppel het."

As ek en jy in 'n vliegtuig op 10 000 meter in die lug vlieg en jy sê: "As jy sonder 'n valskerm uit hierdie vliegtuig spring, sal jy sekerlik sterf", dreig jy om my dood te maak of waarsku jy my van die natuurlike gevolge? Ek is seker dit sal 'n opregte waarskuwing wees. Maar wat as jy vir my gelieg het en my oortuig het dat ek sekerlik nie van die val sal sterf nie, maar dat *jy* die een is wat my sal doodmaak wanneer ek te lande kom? Ek sou eerder vir *jou* bang wees, as vir die val.

Hier is die misleiding: dat ek nie meer glo dat die wet van digtheid (dat my liggaam meer weeg as lug) tot my vernietiging sal lei nie, maar dat my vernietiging sal kom van die een wat die wet bepaal. Met ander woorde, daar word nou geglo dat die natuurlike wet, wat waarsku teen inherente gevolge, eerder 'n regswet is, wat opgelegde arbitrêre strawwe vereis. Dit is wat Satan bereik het deur die verdraaiing van die gedagtes van Adam en

Eva en aan al hulle toekomstige nageslag. Let op hoe Adam en Eva op God se woorde gereageer het:

> *"Toe sien die vrou dat die boom goed was om van te eet en dat hy 'n lus was vir die oë, ja, 'n boom wat 'n mens kan begeer om verstand te verkry; en sy neem van sy vrugte en eet en gee ook aan haar man by haar, en hy het geëet. Toe gaan altwee se oë oop, en hulle word gewaar dat hulle naak is; en hulle het vyeblare aanmekaargewerk en vir hulle skorte gemaak. En hulle het die stem van die HERE God gehoor terwyl Hy wandel in die tuin in die aandwindjie;* ***en die mens en sy vrou het hulle verberg vir die aangesig van die HERE*** *God tussen die bome van die tuin. Toe roep die HERE God na die mens en sê vir hom: Waar is jy? En hy antwoord: Ek het u geruis gehoor in die tuin* ***en gevrees****, want ek is naak; daarom het ek my verberg." (Génesis 3:6-10)*

Adam en Eva het in vrees gereageer omdat hulle aangeneem het dat God na hulle kom om aan hulle die loon van sonde – die dood – te gee. In hul gedagtes was sonde nie die probleem nie – God was! Hulle verdraaide siening van God se karakter, veroorsaak deur sonde, het Sy waarskuwing verander na 'n dreigement in HULLE gedagtes.

> *"Kyk, die hand van die HERE is nie te kort om te help nie, en sy oor is nie te swaar om te hoor nie;* ***maar julle ongeregtighede het 'n skeidsmuur geword tussen julle en julle God, en julle sondes het sy aangesig vir julle verberg, sodat Hy nie hoor nie****. Want julle hande is met bloed bevlek en julle vingers met ongeregtigheid; julle lippe spreek leuen, julle tong fluister onreg." (Jesaja 59:1-3)*


Jesaja sê nie dat God so gewalg is vir jou dat Hy wegdraai en sy ore toedruk vir jou geroep nie. Hy sê dat ons sondes God se genadige aangesig vir ons verberg of vertroebel het. God is daar met ope arms, maar ons sonde mislei ons om te dink dat God teen ons is en nie na ons sal luister, tensy Sy toorn en geregtigheid wetlik bevredig word nie.

Dit is waar dat sonde vir God aanstootlik is, maar net omdat dit die sondaar, wie Hy liefhet, tot nadeel strek.




Sonde is die oortreding van die wet.

"Die onheil maak die goddelose dood" (Psalm 34:22)




Sonde (en nie God nie) bring die dood voort

Jesaja het gesê "jou hande is met bloed bevlek" omdat ons verkeerdelik glo dat God met bloedoffers tevrede gestel moet word om ons te vergewe. Dit is hoe ver sonde ons mislei het, en ons "lippe spreek leuens" deur te sê: "God is nie gewillig of in staat om bloot sonde te vergewe sonder om eers 'n bevrediging daarvoor te vereis nie." Maar wat sê die Skrif?

> *"**U het geen behae in slagoffer of spysoffer nie;** ore het U vir my gegrawe [my ore het U oopgemaak]**; brandoffer en sondoffer het U nie geëis nie**." (Psalm 40:7) woorde in hakies ingevoeg*

Adam en Eva het in vrees gereageer omdat hulle God nie ten volle geken het nie. Dit is hoekom Jesus na hierdie aarde toe gekom het. Hy het gekom om die ware karakter van Sy Vader te openbaar, en deur dit te doen, sou Hy die bedrieglike towerspel van sonde verbreek en ons terugwen tot vertroue. Die aand voor Hy gesterf het, het Jesus hierdie woorde tot Sy Vader gebid:

*"Ek het U verheerlik op die aarde. Die werk wat U My gegee het om te doen, het Ek volbring." (Johannes 17:4)*

Jesus het die aand voor Sy dood die werk voltooi wat Sy Vader Hom gegee het om te doen! Daardie werk was om Sy Vader te verheerlik. Regdeur Sy lewe in menslike vlees het Jesus Sy Vader se ware karakter geopenbaar. Nie een keer het Hy iemand veroordeel of doodgemaak nie. Hy het net diegene wat siek was genees en herstel, beide fisies en geestelik. Hy het vir Filippus gesê, "Hy wat My gesien het, het die Vader gesien" (Johannes 14:9).

*Jesus tree altyd Godvrugtig op, en Sy Vader tree altyd soos Christus op. As ons ooit wonder oor God se ware karakter en die manier waarop Hy sondaars hanteer, kan ons bloot maar net na die lewe van Jesus kyk!*

Maar wat van Jesus se woorde toe Hy van Homself gesê het dat:

*"...die Seun van die mens nie gekom het om gedien te word nie, maar om te dien en **sy lewe te gee as 'n losprys vir baie**." (Matthéüs 20:28)*

Albert Barnes definieer "losprys" in sy kommentaar:

"Die betekenis is dat hy gesterf het in die plek van sondaars, en dat God bereid was om die lyding van sy dood te aanvaar in die plek van die ewige lyding van die verlostes. Die redes waarom so 'n losprys nodig was, is:

1. dat God verklaar het dat die sondaar sal sterf; dit wil sê dat hy alle sonde sou straf, of sy haat teenoor alle sondes sou toon.

2. dat alle mense gesondig het, en as geregtigheid sy normale loop sou neem, moet almal vergaan." (Barnes se aantekeninge oor die Bybel)

Nie net het Barnes 'n verkeerde siening van hoe God geregtigheid toepas nie, maar ook 'n verkeerde siening van die betaling van 'n losprys. Is dit nie die ontvoerders wat 'n losprys eis om hul gevangenes vry te laat nie? Wie is die een wat ons gevange hou en 'n losprys eis? God of Satan? Volgens Barnes het Christus die losprys aan God betaal wat "gewillig was om die lyding van sy dood te aanvaar in die plek van die ewige lyding van die verlostes."

*"Het Jesus 'n prys betaal?*

*'Want julle is duur gekoop; verheerlik God dan in julle liggaam en in julle gees wat aan God behoort." (1 Korinthiërs 6:20).*

*'Julle is duur gekoop; moenie slawe van mense word nie.' (1 Korinthiërs 7:23)*

*Ja, Hy het 'n baie groot prys betaal, maar nie as versoening vir 'n gekrenkte Godheid nie. As jy jou kind red van 'n gewisse ongeluk, maar die enigste manier om dit te doen is om jou lewe te gee, het jy 'n groot prys betaal (wat dikwels 'die hoogste prys' genoem word) maar dit was nie in 'n bevredigingsvorm nie.."*

*~ Ray Foucher ~*

Die boek Hebreërs sê egter dat "Hy [Jesus] deur die dood hom tot niet kon maak wat mag oor die dood het—dit is **die duiwel**—en **almal kon bevry wat hulle hele lewe lank uit vrees vir die dood aan slawerny onderworpe was**." (Hebreërs 2:14,15). Hou hier in gedagte dat Jesus nie die werke van die duiwel vernietig deur hom dood te maak nie, maar deur Sy eie dood. God voer sy wraak uit deur kwaad met die goeie te oorwin. (Romeine 12:14-21).

Johannes skryf:

> *"...Vir hierdie doel het die Seun van God verskyn, om die werke van die duiwel te verbreek." (1 Johannes 3:8)*

Jesus het gekom om ons te bevry van ons ontvoerder – die een wat ons in die slawerny van leuens oor God en oor ons eie selfsugtige (sondige) natuur hou. Dus het Jesus aan die kruis uitgeroep: "Dit is volbring!" (Johannes 19:30).

Onthou, dit is Satan wat ons veroordelende aanklaer is. Met Jesus se dood het Hy "die skuldbrief teen ons, wat ... ons vyandig was, uitgedelg en weggeruim", en daarom "die owerhede en magte uitgeklee en hulle in die openbaar tentoongestel en daardeur oor hulle getriomfeer." (Kolossense 2:14, 15). Jesus het God nie ontwapen nie, Hy het "die owerhede, ... die magte, ... die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu" ontwapen (Efésiërs 6:12).

God se ware karakter is egter verduister deur die leuens van Satan, "Want God wat gesê het dat daar uit duisternis lig moet skyn—dit is Hy wat in ons harte geskyn het **om die verligting te bring van die kennis van die heerlikheid [karakter] van God in die aangesig van Jesus Christus**." (2 Korinthiërs 4:6).

Wat sal daardie kennis van God se ware karakter doen?

*"En Jesus sê vir die Jode wat in Hom geglo het: As julle in my woord bly, is julle waarlik my dissipels.* ***En julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vrymaak****." (Johannes 8:31,32)*



Paulus sê dit is "die wet van sonde" wat ons gevange gehou het:

*"maar ek sien 'n ander wet in my lede wat stryd voer teen die wet van my gemoed* ***en my gevange neem onder die wet van die sonde*** *wat in my lede is [my liggaam]." (Romeine 7:23)*

Deur ons 'n ware begrip van God se karakter te gee, sal Jesus ons red van "die wet van sonde en dood."

*"Want die wet van die Gees van die lewe in Christus Jesus het my* ***vrygemaak van die wet van die sonde en die dood****." (Romeine 8:2)*

Maar hoe het sonde Jesus doodgemaak as Jesus nooit sonde gepleeg het nie? Die antwoord word gevind in 'n baie bekende Messiaanse profesie wat ongelukkig ook erg misverstaan word.

# ***Deur God Geslaan en Verdruk***

Jesaja hoofstuk 53 is 'n Messiaanse profesie wat geskryf is 700 jaar voordat Jesus as baba in Betlehem gebore is. Kom ons kyk na 'n paar verse wat baie verwarring veroorsaak:

*Nogtans het Hy óns krankhede op Hom geneem, en óns smarte—dié het Hy gedra; maar óns het Hom gehou vir een wat geplaag, deur God geslaan en verdruk was." (Jesaja 53:4)*

'n Vinnige lees van hierdie vers uit die Afrikaanse Ou Vertaling laat ons dink dat Jesus deur God geslaan en verdruk (gedood) is. Let op hoe die bekende pastoor John MacArthur dit verduidelik:

> "Die realiteit van Christus se plaasvervangende dood namens ons is die hart van die evangelie volgens God – die sentrale tema van Jesaja 53. **Ons moet egter onthou dat Jesus nie doodgemaak is deur sonde nie; God het dit gedoen.** Die lydende dienskneg se dood was niks minder nie as 'n straf wat deur God toegedien is vir sondes wat ander gepleeg het. Dit is wat ons bedoel wanneer ons praat van strafregtelike plaasvervangende versoening … **Hy [God] het geregtigheid ten volle bevredig en ons sonde vir ewig weggeneem deur die dood van sy Seun**. Ons kan nie die feit omseil dat die leerstelling van strafvervanging onomwonde in die duidelike boodskap van Jesaja 53 bevestig word nie." (John MacArthur, T*he Gospel According to God, crossway.org*)

Kom ons kyk eers na MacArthur se stelling dat "Jesus nie doodgemaak is deur sonde nie; God het dit gedoen" in die lig van wat ons in die vorige hoofstuk geleer het. Dan sal ons sien of dit werklik waar is "dat die leerstelling van strafvervanging onomwonde in die duidelike boodskap van Jesaja 53 bevestig word."

Aangesien ons Jesaja 53 'n bietjie van naderby ontleed, kom ons kyk weer na vers 4, hierdie keer in die New American Standard Bible – vry vertaal:

> *"Dit was egter ons siektes wat Hy self gedra het, en ons lyding wat Hy gedra het;* ***Tog het ons self aangeneem dat Hy geteister is, deur God neergeslaan is****, en verneder." (Jesaja 53:4)*

Jesaja profeteer nie dat God sy Seun sal slaan in plaas daarvan om die sondaar dood te maak nie. Dit sê ons sal *aanneem*, *sien of dink* dat Hy deur God neergeslaan (geslaan/gedood) is, net soos Adam en Eva *aangeneem* het dat God kom om die doodstraf oor hulle te bring. Deur Adam het ons almal hierdie verdraaide ingesteldheid geërf as gevolg van ons sondige

natuur. Vandat sonde in die mens verwek is, het ons aan God gedink as 'n strawwe godheid. Die Israeliete van ouds het aangeneem dat God 'n “krygsman" was (Eksodus 15:3), dieselfde as hulle krygsmanne. Maar God se weë is nie ons weë nie (Jesaja 55:8).

Hulle het ook die rede waarom God die offerstelsel ingestel het, verkeerd verstaan en begin glo dat God tevrede gestel moet word deur bloedoffers, net soos die heidense gode van die omliggende nasies. Maar die werklikheid word uitgespel in vers 5 van Jesaja 53 waar dit staan:

> *"Maar Hy is **ter wille van** [vir] ons oortredinge deurboor, **ter wille van** [vir] ons ongeregtighede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom." (Jesaja 53:5)*

Die woorde “ter wille van” laat baie mense glo dat Jesus besig was om “ter wille van” ons te sterf, om die doodstraf te betaal wat God kwansuis geëis het. Die Hebreeuse woord wat egter met "ter wille van" vertaal word, is מִן (min) wat "van" of "uit" aandui. Daarom is Hy gewond “van” of “uit” ons oortredings. Nog 'n manier om dit te lees is "Hy is **DEUR** ons oortredings gewond"; “Hy is **DEUR** ons ongeregtighede verbrysel” en nie deur God nie.

> *"Almal van ons het soos skape rondgedwaal, ons het elkeen na sy eie pad gedraai, **en die HERE het die straf van ons almal Hom laat tref.**" (Jesaja 53:6, Young's Literal Translation – vry vertaal)*

In ons blindheid lees ons natuurlik hierdie tekste as God se woede teen ons, maar in plaas daarvan om ons te straf, plaas Hy daardie straf op Sy Seun. Of, soos MacArthur dit stel, “[Jesus se] dood was niks minder nie as 'n straf wat *deur God toegedien* is vir sondes wat ander gepleeg het." As dit waar was, moet ons die Joodse leiers en Romeinse soldate prys omdat hulle eenvoudig God se opdragte uitgevoer het. Maar wat as ons dit op 'n ander manier lees? Kan jy sien dat die straf wat op Christus gelê is, “ons

straf" was, in die sin dat *ONS diegene is wat Hom straf?* 'n Ander manier om dit te vertaal sou wees: "Die Here **laat** al ons straf op Hom kom."

Petrus, met verwysing na Jesaja 53:5, sê dat Jesus "self ons sondes in sy liggaam op die kruishout gedra het, sodat ons, nadat ons die sondes afgesterf het, kan lewe vir die geregtigheid—deur wie se wonde julle genees is." (1 Petrus 2:24). Hoe het Jesus ons sondes gedra? Kom ons lees hoe *gotquestions.com* dit verduidelik:

> "Die leerstelling van die plaasvervangende straf vir versoening verkondig dat Christus plaasvervangend gely het, deurdat die sondaar vervang word, en dat Sy lyding versoenend was (dit wil sê, Sy lyding het reggestel) ... Terwyl Jesus aan die kruis gehang het, verhoog tussen hemel en aarde, was die sondes van die wêreld op Hom geplaas (1 Petrus 2:24). Die volmaakte Seun van die mens het ons skuld gedra ... **So het Jesus ons plek geregtelik ingeneem en die straf van sonde gedra en in ons plek gesterf** ... God se wet sê: 'Jy is skuldig aan sonde teen 'n heilige God. Geregtigheid eis jou lewe.' Jesus antwoord: 'Neem eerder My lewe.'"

Volgens hierdie artikel beteken dit dat God al ons sonde en skuld op Sy onskuldige Seun plaas wanneer Jesus al ons sondes dra, en aangesien Sy "geregtigheid jou lewe eis", het God Jesus se lewe geneem in plaas van ons s'n.

Ons het egter gesien dat dit nie is hoe God sy geregtigheid uitvoer nie. Wanneer ons sê dat 'Jesus ons sondes dra', beteken dit eerder:

1. Deur Sy hele lewe op aarde het Jesus ons sondige natuur gedra – want God het "Sy eie Seun in die gelykenis van sondige vlees gestuur" (Romeine 8:3). Hou hierdie gerus in gedagte, ons sal later hierna terugkom.

2. Jesus het ons sondes gedra deur ons toe te laat om Hom te straf, sodat ons die haat in ons harte teenoor Hom en sy Vader, wat Hy verteenwoordig het, kan sien.

"Satan het die mensdom oortuig dat God ons om die lewe wou bring en bereid was om sy Seun in ons plek te offer. Dit was 'n sataniese geniale konksep, want dit sou ons eie verraad verberg, want eintlik wou ons die Seun van God doodmaak." ~ Arian Ebens ~

Kom ons fokus nou eers op punt nommer 2. Paulus sê vir ons "die vleeslike [selfsugtige] gesindheid is vyandskap [vyandiggesind] teenoor God" (Romeine 8:7) en Petrus sê vir ons dat Christus daardie sondige vyandskap gedra het; wat toe Hy "uitgeskel is, nie terug uitgeskel het nie; toe Hy gely het, nie gedreig het nie" (1 Petrus 2:23). In plaas daarvan het Hy uitgeroep: "Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie" (Lukas 23:34).

Dus, in plaas daarvan dat Christus deur God se toorn teen ons verpletter is, is Christus deur ons toorn teenoor Hom verpletter – nie net die toorn van die Jode of die Romeine nie, maar van die hele mensdom!

Onthou, Adam en Eva het weggehardloop en weggekruip toe hulle "die stem van die HERE God gehoor [het] terwyl Hy wandel in die tuin in die aandwindjie" (Genesis 3:8). Interessant hoe dit sê "die stem" van God het gewandel. 'n Ou Aramese vertaling sê dit was "die Woord van God". Johannes vertel ons:

> *"In die begin was* ***die Woord****, en* ***die Woord was by God****, en* ***die Woord was God****. Hy was in die begin by God. Alle dinge het deur*

*Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie. En* ***die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon****—en ons het sy heerlikheid aanskou, 'n heerlikheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom—vol van genade en waarheid." (Johannes 1:1-3,14)*

In die boek Openbaring beskryf Johannes die wederkoms van Christus deur te sê: "Sy naam word die Woord van God genoem" (Openbaring 19:13). Johannes sê indirek vir ons dat "die Stem van God" of "die Woord van God" wat in die tuin van Eden gewandel het, die Seun van God was; want Hy is die enigste Middelaar tussen God en die sondige mensdom (1 Timótheüs 2:5).

*Christus as middelaar tussen God en die sondige mens beteken nie dat Christus en die mens probeer om God te oorreed om ons te aanvaar nie, maar dat Christus en Sy Vader by ons pleit om Hulle te aanvaar!*

As 'n verskoning vir hoekom hy die verbode vrugte geëet het, het Adam vir Christus gesê: "Die vrou wat U gegee het om by my te wees, sy het my van die boom gegee, en ek het geëet" (Génesis 3:12). Hy verplaas nie net die skuld na sy vrou nie, maar hy plaas ook die skuld op die Seun van God. Deur die Seun van God te veroordeel, het Adam geredeneer dat blaam verskuif kan word en dat 'n ander die skuld kan betaal wat hy glo God geëis het. Daarom was dit Adam, met sy wanopvatting, wat die konsep van strafvervanging bekendgestel het, dus het Christus "die Lam geword wat geslag is van die grondlegging van die wêreld af" (Openbaring 13:8, sien *King James Version*).

Die ewige evangelie sê dat God liefde is (1 Johannes 4:8) en Hy het NOOIT enigiemand veroordeel nie. Hy is altyd geduldig en vriendelik en hou nie

boek van die kwaad nie (1 Korinthiërs 13:4,5, Afrikaanse vertaling, 1983). “Sy goedertierenheid is tot in ewigheid” (Psalm 118:2). Al wat die mensdom in die begin moes doen, was bloot om op Hom te vertrou en Sy GRATIS vergifnis te aanvaar.

Die siekte van sonde het egter ons begrip van God verdraai. Deur sonde wantrou die mensdom God en glo dat Hy nie bereid is om ons te vergewe tensy een of ander vorm van offer of betaling gegee word nie. Ons, soos Kain, herhaal te dikwels die leuen dat "my misdaad te groot is vir my om vergewe te word" (Genesis 4:13, vertaal uit *Brenton’s Septuagint; margin of the King James Version*). Satan het ons mislei om te dink dat God die een is wat teen ons is, maar Christus het gekom om ons te verlos van ons sondige (sataniese) idees wat vyandig teenoor God is. Maar om dit te kon doen, moes Christus eers die kollig plaas op ons sonde.

# *Christus het Gesterf sodat “aan die Goddeloosheid en die Sondes ‘n Einde gemaak word”*

In die 9de hoofstuk van Daniël lees ons 'n tydprofesie oor die eerste koms van die Gesalfde, die Vors (Jesus):

> “Daar is sewentig tydperke vir jou volk en vir jou heilige stad vasgestel. In dié tyd sal daar **aan die goddeloosheid en die sondes 'n einde gemaak word**…” (Daniël 9:24, AFR83)

> *“Sewentig sewetalle is oor jou volk en jou heilige stad bepaal, om die **goddeloosheid te voleindig en om die maat van die sondes vol te maak** en om die ongeregtigheid te versoen en om ewige geregtigheid aan te bring en om gesig en profeet te beseël en om wat hoogheilig is, te salf …” (Daniel 9:24, AFR53)*

Sommige kommentators glo dat Gabriël vir Daniël sê dat sy mense (die Jode) hulself moet regruk voordat die Messias kom, en dus het hulle 'n sekere toegekende tyd om klaar te speel met goddeloosheid en om aan sondes 'n einde te maak. Hierdie denkrigting bevorder net vrees en dwang, wat nie God se werkswyse weerspieël nie. Die druk van 'n spertyd, wat gekombineer word met die dreigement van straf of dood, is nie net 'n toepassing van geweld nie, maar eintlik sielkundige mishandeling. Baie verwys na 'n "proeftydperk" wat 'n vasgestelde tyd is wat God ons gee om reg op te tree, en as ons nie reg is teen die sperdatum nie, dan moet ons almal "maar oppas" want Jesus kom weer!

Maar, korrek verstaan, sluit ons self ons eie proeftydperk af. God is tot in ewigheid steeds genadig (Psalm 100:5; 107:1; 118:2; 136:1; Esra 3:11; Jeremia 33:11), dus is dit die mensdom wat God se genade beëindig deur dit nie te aanvaar nie. Sodra jy jouself so verhard in jou hart, deur nie God se vrye vergifnis te aanvaar nie, is daar niks meer wat God kan doen nie, en so sluit jy die deur vir hierdie geleentheid. Paulus noem hierdie toestand by die mens 'n "slegte gesindheid" en verwys na menses "wat gebrandmerk is in hulle eie gewete" (Romeine 1:28; 1 Timótheüs 4:2).

Ander sê dat die Messias, toe Hy gekom het, aan goddeloosheid en sondes 'n einde gemaak het deur aan die kruis te sterf, om sodoende aan God se toorn en geregtigheid bevrediging te bring. Hulle sien die kruis as 'n gebeurtenis wat op een dag, in die 1ste eeu n.C., plaasgevind het, met die verkeerde aanname dat dit die twee verbonde verdeel.[1] Dus, nadat Jesus gesterf het, was God nou in staat om ons te vergewe. Maar, soos ons gesien het, is Jesus "die Lam wat geslag is van die grondlegging van die

---

[1] Baie mense neem aan dat die twee verbonde oor twee lang tydperke strek (voor die kruis/na die kruis). In teenstelling daarmee sê Paulus vir ons dat hulle twee ingesteldhede binne die individu is, en gee Abraham as een voorbeeld van iemand wat albei verbondsgedagtes ervaar (Galásiërs 4:22-24). Vir meer inligting, lees die boek *Faith Journey* gratis beskikbaar op *lastmessageofmercy.com*.

wêreld af" (Openbaring 13:8, sien King James Vertaling), want "Sy barmhartigheid is tot in ewigheid."

> *"En Hy sê vir almal: As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën en sy kruis **elke dag** opneem en My volg.'" (Lukas 9:23)*

Dit is duidelik dat die kruis nie gaan oor die bevrediging van geregtigheid wat God kwansuis geëis het nie, maar oor die daaglikse wandel om die eie ek te verloën, om ander te dien, te help en te genees. As die kruis van Christus bedoel was om ons skuld by God te betaal, hoekom vra Jesus ons om ons kruis te dra? As jy jou pa R1000 geskuld het en ek het dit vir jou betaal, sou dit nie vreemd wees as ek en jou pa steeds wou hê dat jy aan hom die R1000 moet betaal nie?

Die waarheid is dat die dood van Christus nie gaan oor 'n wettige betaling wat aan God gemaak word nie. Die Skrif sê vir ons dat Christus Sy kruis gedra het "al die dae van die ou tyd":

> *"**In al hulle benoudheid was Hy benoud,** en die Engel van sy aangesig het hulle verlos; deur sy liefde en deur sy medelyde het Hy hulle verlos**; en Hy het hulle opgehef en hulle gedra, al die dae van die ou tyd.**" (Jesaja 63:9)*

Wat met Jesus aan die kruis gebeur het in die eerste eeu n.C., was 'n vergroting van wat Hy daagliks deurgemaak het vanaf die oomblik dat sonde in die hart van Satan en die mensdom verwek is.

Dit was die grootste les van die offerstelsel. Dit is nie gegee om vir ons te wys dat God met bloed tevrede gestel word nie, maar om ons te wys hoe verdorwe ons in ons denke is. Dit was om ons 'n intense illustrasie te gee van ons natuurlike haat teenoor die Seun van God en dat ons "die Seun van God weer [daagliks] kruisig [vermoor] en Hom openlik tot skande maak" wanneer ons ook al die smekinge van Sy Heilige Gees verwerp.

(Hebreërs 6:6). Dit openbaar ook aan ons dat sonde nie net die skuldiges doodmaak nie, maar ook die onskuldige.

Christus wat "aan die sondes 'n einde" maak toe Hy fisies aan die kruis gesterf het, word uitgedruk as *die maat van goddeloosheid* (rebellie) *en sonde wat volgemaak word*, of tot sy *volheid* kom. Paulus herinner ons daaraan dat ons almal 'n natuurlike haat teenoor God en sy Seun deur sonde geërf het toe hy geskryf het:

> *"omdat wat die vlees bedink, vyandskap teen God is; want dit onderwerp hom nie aan die wet van God nie, want dit kan ook nie. En die wat in die vlees is, kan God nie behaag nie;" (Romeine 8:7,8)*

God sê vir ons dat sy wet 'n weerspieëling van sy geregtigheid is – "Luister na My, julle wat die geregtigheid ken, volk in wie se hart my wet is! Wees nie bevrees vir die smaad van mense en skrik nie vir hulle skimptaal nie" (Jesaja 51:7). Johannes sê vir ons "sonde is wetteloosheid [oortreding van die wet]" (1 Johannes 3:4); daarom is die pleeg van sonde die openbaring van ons haat teenoor die geregtigheid van God en Sy Seun.

> *"Om te oordeel is om waarde aan jouself toe te skryf ten koste van 'n ander. Liefde is die teenoorgestelde. Liefde is om waarde toe te skryf aan ander ten koste van onsself. Die kruis is die perfekte voorbeeld hiervan."*
>
> *~ Greg Boyd ~*

Aangesien die "einddoel" van sonde die dood is, is die mensdom se rebellie en sonde (die haat teenoor God) "volgemaak" en "voltooi" (tot sy volle volheid gekom/is ten volle geopenbaar) toe ons die Seun van God fisies veroordeel en vermoor het. Hierdie veroordeling van die Seun van God sal op die ou einde

veroorsaak dat ons ontkoppel word van die bron van lewe – en God het dit in die tuin van Getsemane aan ons getoon, toe sy Seun die erge geestelike angs ervaar het wat sondaars sal voel wanneer hulle van God afgesny is. Die enigste verskil is dat Jesus Sy Vader liefgehad het, terwyl die verlorenes Hom nie liefhet nie, en aangesien Hy 'n baie nouer verbintenis met Sy Vader gehad het, was die effek van die skeiding meer pynlik as wat hulle sal ervaar. Dus, in die tydperk tussen Getsemane en die kruis, openbaar Jesus die ware karakter van sonde (dit is die ware, volledige gevolg daarvan).

Die profesie het voorspel dat die mens se rebellie en sonde tot volheid gebring sal word "om die ongeregtigheid te versoen en om ewige geregtigheid aan te bring." Hoe werk dit?

> *"Maar die wet [God se geregtigheid] het daar bygekom [of in die binneste van die hart ingekom],* ***sodat die misdaad [sonde] meer sou word****; en waar die sonde meer geword het, het die genade nog meer oorvloedig geword;" (Romeine 5:20)*

God laat toe dat ons sondes oorvloedig word (tot voleindiging kom) sodat ons van daardie sonde oortuig sal word. Hy doen dit nie om ons te veroordeel nie, maar om die korrekte diagnose van ons siekte aan ons te openbaar sodat ons op ons beurt Sy genade soek om die genesingsproses te begin (Job 13:23; 34:32; Psalm 139:23,24).

> *"Wat sal ons dan sê? Is die wet sonde? Nee, stellig nie! Inteendeel,* ***ek sou die sonde nie anders as deur die wet geken het nie****; want ek sou ook die begeerlikheid nie geken het nie as die wet nie gesê het: Jy mag nie begeer nie. Maar die sonde het* ***aanleiding gevind*** *deur die gebod* ***en in my allerhande begeerlikheid gewerk****; want sonder die wet is die sonde dood. En sonder die wet het ek vroeër gelewe, maar toe die gebod kom, het die sonde weer opgelewe en ek het gesterwe. En die gebod wat die lewe moes wees, dié het vir my geblyk die dood te wees. Want die sonde het aanleiding gevind deur die gebod* ***en my***

> ***verlei en daardeur gedood***. *Dus is die wet heilig en die gebod is heilig en regverdig en goed. Het die goeie dan vir my die dood geword? Nee, stellig nie!* ***Maar wel die sonde, dat dit kon blyk sonde te wees****, omdat dit deur die goeie vir my die dood bewerk,* ***sodat die sonde deur die gebod uitermate sondig kon word****."* *(Romeine 7:7-13)*

Onthou, Christus het in die wêreld gekom om die ware karakter van God ons Vader te openbaar (Johannes 1:18; 17:4,6; Lukas 10:22; 2 Korinthiërs 4:6). Hierdie karakter is die teenoorgestelde van ons karakter en wat ons verwag van God (Jesaja 55:8,9; Johannes 1:10,11), en dit het veroorsaak dat ons sonde meer geword het, deurdat ons uit weerwraak Christus doodmaak, om sodoende die rebellie en sondigheid van die mensdom in sy volheid na vore te bring.

Die werke van die duiwel moes geopenbaar word sodat dit vernietig kon word. Dit moes veral *in ons* geopenbaar word. Ons is in vyandskap met God en haat dit wanneer Hy ons op ons sondigheid probeer wys, maar ons is onbewus van hierdie toestand. In die mensdom se hantering van Jesus, deurdat ons geïnspireer is deur Satan om Hom te haat, sien ons dat ons sondigheid geopenbaar word. Wanneer ons bewus gemaak word daarvan, kan ons dit bely, ons daarvan bekeer en God toelaat om ons te vergewe en te genees. Dit is wat verkry word deur die lyding van Christus – 'n ware openbaring van onsself, en die openbaring van die gevolge van sonde. Ons het Sy reinheid en heiligheid van karakter (Sy geregtigheid) gehaat omdat dit 'n voortdurende teregwysing was vir ons selfsug en korrupsie; soos iemand eenkeer gesê het, "waarheid klink soos haatspraak vir diegene wat die waarheid haat."

Ons sal later sien dat die mens in hierdie verkeerde gemoedstoestand alle beproewing interpreteer as goddelike strawwe wat van God kom, omdat God kwansuis daarop uit is om sondaars skade aan te doen en te vernietig. "By die reine [betoon U Uself] rein; maar by die valse betoon U Uself

verkeerd." (Psalm 18:27). Dit is hoekom die kruis geïnterpreteer word as God wat opstaan om sy eie Seun dood te slaan.

## *Ek Sal Die Herder Slaan*

'n Goeie illustrasie hiervan is die manier waarop die meeste mense 'n profesie van Sagaría oor God se Herder verstaan:

> *"Ontwaak, o swaard, teen my herder, en teen die man wat my metgesel is! spreek die HERE van die leërskare. **Slaan die herder**, sodat die skape verstrooi word; en Ek sal my hand weer uitstrek oor die geringes." (Sagaría 13:7)*

Die mees algemene begrip van hierdie gedeelte is dat God self Sy Herder (Jesus) sou slaan (neerslaan/doodmaak). Dit blyk wel of dit die siening van strafvervanging ondersteun. Jesus, wat gesê het dat Hy "die goeie Herder" is (Johannes 10:11), pas hierdie profesie immers beslis op Homself toe:

> *"Toe sê Jesus vir hulle: Julle sal almal in hierdie nag aanstoot neem aan My, want daar is geskrywe: **Ek sal die herder slaan**, en die skape van die kudde sal verstrooi word." (Matthéüs 26:31)*

Jesus voeg 'n ekstra begrip by die teks deur die woord "Ek" in te voeg - "Ek sal die Herder slaan." Weereens, dit het daartoe gelei dat baie mense tot die gevolgtrekking gekom het dat God die Een is wat Christus as 'n sondebok doodgemaak het om ons vry te laat.

Maar het God self die Herder geslaan of vertolk ons God se woorde verkeerd? Wanneer God sê: "Ek sal die Herder slaan" moet dit verstaan word as een van daardie idiomatiese uitdrukkings wat ons vroeër bespreek het. "Ek sal slaan" beteken eenvoudig dat God sal *toelaat* dat die Herder deur Sy vyande geslaan word.

As dit waar is, hoe harmoniseer ons dit met Sagaría se profesie dat dit God se "swaard" sal wees wat die Herder sal slaan? Op baie plekke in die Skrif het God gesê dat Hy sekere nasies met die swaard sal vernietig, maar hoe het Hy dit gedoen?

> *"En **Ek sal 'n swaard oor julle bring** wat die wraak van die verbond sal uitoefen; en as julle dan in jul stede terugtrek, sal Ek pes onder julle in stuur, **en julle sal in die hand van die vyand oorgegee word**."* *(Levítikus 26:25)*

Ons sien dus weereens dat dit nie God is wat die vernietiging veroorsaak nie, maar Hy het soldate van ander nasies toegelaat om vernietiging te bring. Dit word gesê dat God dit doen, omdat Hy die Een is wat dan toelaat dat dit gebeur, deur onwillekeurig Sy beskermende hand weg te neem. Hy verwyder nooit Sy beskermende hand uit wrewel nie, maak nie saak hoe boos die mense geword het nie. Jesus het ons geleer dat God altyd "goed is vir die ondankbares en die slegtes" (Lukas 6:35). God sal egter nooit inmeng met ons vrye keuse om Hom te verwerp nie, daarom is dit met betraande oë dat Hy die mensdom oorgee aan hulle selfsugtige begeertes en dan pluk hulle die inherente gevolge van die saad wat hulle gesaai het met hul dade. (Galásiërs 6:8).

Luister na Dawid se gebed wanneer hy sê, "...red my siel van **die goddelose**, **wat U swaard is**" (Psalm 17:13; *Contemporary Afrikaans Bible 2023,* sien ook King James Version). Dawid definieer God se swaard in hierdie omstandighede as sy [Dawid se] goddelose vyande waardeur God toegelaat het dat Dawid onderdruk word (vers 9). Net so sou God goddelose manne toelaat om die Herder deur 'n swaard te onderdruk.

Gedurende die tyd van Jesus se verhoor vertel Matthéüs vir ons dat "die owerpriesters en die ouderlinge en die hele raad" "valse getuies" teen Hom gebruik het om sy doodvonnis te verseker. (Matthéüs 26:59, 60). In Spreuke 25:18 lees ons:

*"'n Knopkierie en **'n swaard** en 'n skerp pyl, so is 'n man wat teen sy naaste as **valse getuie** optree."*

Hier sien ons weer die verband tussen "die swaard" en Christus se vyande wat Hom nie net fisies aan die kruis laat hang het nie, maar ook valse getuienis teen Hom gelewer het.

Jesus het gesê, "En Hy wat My gestuur het, is met My; die Vader het My nie alleen gelaat nie, omdat Ek altyd doen wat Hom welgevallig is." (Johannes 8:29). As God Jesus nooit alleen gelos het nie, hoekom het Hy uitgeroep: "My God, My God, waarom het U My verlaat?"

# *Waarom Het U My Verlaat?*

Aan die kruis hoor ons Jesus se uitroep: "Eli, Eli, lama sabagtáni? Dit is: **My God, my God, waarom het U My verlaat**? " (Matthéüs 27:46). Het God Jesus regtig verlaat, of het Jesus ervaar wat die ongelowige sondaar ervaar wanneer moeilikhede en beproewings kom? Toe Jesus hierdie woorde gesê het, het Hy uit die 22ste hoofstuk van die boek Psalms aangehaal:

*"My God, my God, waarom het U my verlaat, ver van my hulp, van die woorde van my gebrul? My God, ek roep bedags, maar U antwoord nie; en snags, en ek kan nie swyg nie." (Psalm 22:2-3)*

Dit is die geestelike angs wat die ongelowige sondaar verpletter, die sondaar wat hul ware identiteit as kind van God verloor het en daarom nie op God se ewige vrye vergifnis en genade vertrou het nie. Sonde het die barmhartige aangesig van God verberg (vertroebel), wat hulle laat glo het dat Hy sy aangesig weggedraai en hulle verlaat het (Jesaja 59:2), wanneer Hy in werklikheid reg langs hulle is, soos gesien kan word uit die lees van vers 25 van dieselfde hoofstuk in Psalm 22:

> *"Want Hy [God] het die ellende van die ellendige nie verag of verfoei en sy aangesig vir hom nie verberg nie; maar **Hy het gehoor toe dié** [die ellendige] **Hom** [God] **aangeroep het** om hulp." (Psalm 22:25)*

Dit was nie God wat Sy aangesig weggedraai en Jesus verwerp het nie, dit was ons!

> *"Hy was verag en **deur die mense verlaat**, 'n man van smarte en bekend met krankheid; ja, **soos een vir wie 'n mens sy gelaat verberg**; Hy was verag en ons het Hom nie geag [waarde gegee] nie." (Jesaja 53:3)*

God se stilte by die kruis laat ons *aanvaar* dat God die Een is wat Christus verlaat het en Jesus as 'n streng regter verpletter. Maar die "smarte" en "krankheid" wat Christus ervaar het, kom direk uit die verwerping deur mense wat Hy in die gesig gestaar het; want "Hy het na sy eiendom gekom, en sy eie mense het Hom nie aangeneem nie" (Johannes 1:11). Hy ervaar dit nog steeds vandag! Adrian Ebens verduidelik:

> "In die kollektiewe verwerping van Christus, in daardie oomblik wat Hy besef dat daar niemand op die planeet was wat Hom wou hê nie, het Hy in Sy hart die werklikheid ervaar dat:
>
> '...daar niemand [is] wat verstandig is nie, daar is niemand wat God soek nie.' Romeine 3:11
>
> Die leiers van Israel spreek later [die dag] die universele sentiment uit, wat ook die allesoorheersende vyandskap van die mens teen God openbaar:
>
> 'Hy het op God vertrou; laat Hy [God] Hom [Jesus] nou verlos as Hy [God] behae in Hom [Jesus] het; want Hy [Jesus] het gesê: Ek is die Seun van God' Matthéüs 27:43
>
> Hierdie woorde is in werklikheid die projeksie van die denke van die mensdom op God. Die gesamentlike, oorheersende strewe van die seuns en dogters van Adam klink almal met een stem op:

'… 'Neem weg, neem weg, kruisig Hom! Pilatus sê vir hulle: Moet ek julle Koning kruisig? Die owerpriesters antwoord: Ons het geen koning behalwe die keiser nie.' Johannes 19:15

**Die hemelse Vader protesteer nie. Hy laat ons toe om dit op Hom te projekteer. Hoe? In Sy stille reaksie**. Die enigste polsslag wat Jesus kan voel, is die kollektiewe menslike polsslag van verwerping. Die stem van die mensdom, bygestaan deur Satan en sy engele, het die stem van God verdring. God het ons toegelaat om op sy troon te sit deur sy Seun te oordeel en te veroordeel. Hoekom het Hy ons dit laat doen? Dat ons oortreding oorvloedig kan wees.

'**Hierdie dinge het jy gedoen, en sou Ek swyg? Jy dink Ek is net soos jy!** Ek gaan jou straf en jou dit ordelik voor oë stel.' (Psalm 50:21)." (Adrian Ebens, *Versoening, bl. 215-216)*

Soos vroeër genoem, het Jesus ons sondes gedra deur stil te bly. Hy het nie wraak geneem nie (1 Petrus 2:23). Hy het nie teruggepraat nie, maar het ons oorgelaat aan ons eie weg.

*"Hy [Jesus] is mishandel, hoewel Hy onderworpe was,* ***en Hy het sy mond nie oopgemaak nie****; soos 'n lam wat na die slagplek gelei word en soos 'n skaap wat* ***stom*** *is voor sy skeerders—ja,* ***Hy het sy mond nie oopgemaak nie****." (Jesaja 53:7)*

Dit is hoe God Sy Seun oorgegee het:

*"Hy [God] wat selfs sy eie Seun nie gespaar het nie,* ***maar Hom vir ons almal oorgegee het****, hoe sal Hy nie saam met Hom ons ook alles genadiglik skenk nie?" (Romeine 8:32)*

Weereens, aan wie het God sy geliefde Seun oorgegee? Jesus vertel ons:

*"Kyk, ons gaan op na Jerusalem, en die Seun van die mens [Jesus]* ***sal aan die owerpriesters en skrifgeleerdes oorgelewer word. Hulle sal Hom tot die dood veroordeel en Hom aan die heidene <u>oorgee</u>****, wat Hom sal spot en op Hom sal spoeg en Hom sal gésel en*

> *doodmaak. En na drie dae sal Hy weer opstaan." (Markus 10:33,34; Berean Standard Bible vry vertaal)*

Toe die owerpriesters en Romeinse soldate kom om Jesus weg te neem, het Hy gesê: "Dag vir dag was Ek saam met julle in die tempel, en julle het nie die hande teen My uitgesteek nie. **Maar dit is julle uur en die mag van die duisternis**." (Lukas 22:53). God het Christus aan *ons* (die mensdom) oorgegee gedurende daardie nag van gebed, gevul met smart, in Getsemane, en binne 24 uur het ons Hom doodgemaak!

In Hebreërs 2:9 lees ons dat "Jesus … deur die genade van God vir elkeen die dood sou smaak." Die mees algemene begrip hiervan is dat Jesus vir ons gesterf het – of in ons plek – as 'n betaling wat ons verskuldig was, om God se geregtigheid te bevredig. *Juli Camarin* op *jcblog.net* verduidelik dit so:

> "Die voorgeskrewe straf vir sonde is die dood (Romeine 6:23) dus het Jesus die dood vir almal gesmaak sodat ons dit kon vryspring. Toe Hy vir die sondes van die hele wêreld gesterf het (1 Johannes 2:2), het Hy dit in sy liggaam opgeneem en in wese sonde geword (1 Korinthiërs 5:21). Hy het die sondekwessie vir eens en vir altyd hanteer. Dit is 'n radikale stelling vir sommige mense, maar sonde is nie vir God 'n probleem nie. Elke sonde, verlede, hede en toekoms, is deur Jesus betaal en deur God vergewe. **Die straf vir sonde is op Jesus geplaas. Hy het die dood in ons plek gesmaak**."

Om die dood "in ons plek" te smaak, is egter bedoel in die sin van "tot voordeel van elke mens". Christus het gesterf om ons te help om die ware rampspoedige gevolge van sonde te begryp. Onthou, Jesus het gesterf om 'n "einde" aan sondes te maak - om sonde in sy totale volheid te openbaar - nie om God af te betaal nie. In haar kommentaar hierbo verwys mev. Camarin na "1 Korinthiërs 5:21" (eintlik 2 Korinthiërs) wat sê:

*"Want **Hy [die Vader] het Hom [Jesus] wat geen sonde geken het nie, sonde vir ons gemaak**, sodat ons kan word geregtigheid van God in Hom." (2 Korinthiërs 5:21)*

Wat beteken dit dat Christus sonde vir ons gemaak is? Volgens mev. Camarin en die hoofstroom Christendom beteken dit "die straf vir sonde is op Jesus geplaas", met ander woorde, "Hy het in ons plek gesterf." Maar is dit ooit reg vir 'n onskuldige persoon om gestraf te word vir iemand anders se misdaad? Is dit ware geregtigheid? Wat sê God hieroor?

*"Wee hulle wat helde is om wyn te drink en wakker manne om sterk drank te meng; **wat vir 'n omkoopgeskenk die skuldige regverdig verklaar en die reg van die regverdige hom ontneem**." (Jesaja 5:22,23)*

As ek een van jou kinders vermoor het, en jy eis die doodstraf, sou jy aanvaar dat 'n onskuldige persoon my straf betaal deur in my plek te sterf, sodat ek vrygelaat kan word? Sal dit nie vir jou saak maak wie gesterf het nie? Of sal jy nie omgee wie sterf nie, solank iemand sterf? Sal dit jou sin vir geregtigheid bevredig? God waarsku:

*"Die siel wat sondig, dié moet sterwe; die seun sal nie die ongeregtigheid van die vader help dra nie, en die vader sal nie die ongeregtigheid van die seun help dra nie; die geregtigheid van die regverdige sal op hom wees, en die goddeloosheid van die goddelose sal op hom wees." (Eségiël 18:20)*

Jesus wat sonde gemaak is, is gelykstaande aan wat Paulus in Romeine sê:

*"Want God het wat vir die wet onmoontlik was, omdat dit kragteloos was deur die vlees deur sy eie Seun **in die gelykheid van die sondige vlees** te stuur, en dit ter wille van die sonde, die sonde veroordeel in die vlees," (Romeine 8:3)*

Die wet kan ons nie genees nie, dit kan net die probleem diagnoseer – "Daarom sal geen vlees voor Hom geregverdig word uit die werke van die

wet nie, want uit die wet is die kennis van sonde" (Romeine 3:20). Christus wat in die gelykenis van sondige vlees kom, is die genesende Middel – "Maar nou is die geregtigheid van God sonder die wet geopenbaar, terwyl die wet en die profete daarvan getuig, naamlik die geregtigheid van God deur die geloof in Jesus Christus, aan almal en op almal wat glo ..." (Romeine 3:21,22). Dit is ook gelykstaande aan wat Paulus in Galásiërs 4:4-5 sê:

> *"Maar toe die volheid van die tyd gekom het, het God sy Seun uitgestuur, gebore uit 'n vrou, gebore **onder die wet**, om die wat onder die wet was, los te koop, sodat ons die aanneming tot kinders kan ontvang."*

*Net soos ons Hom verkeerdelik "geag het as geslaan, deur God en verdruk" is, sal die verlorenes op die ou end verkeerdelik glo dat hulle "geslaan deur God en verdruk is", terwyl dit eintlik net die siekte van sonde is wat sy dodelike gang gaan (Jakobus 1:14,15).*

Toe Jesus uit Maria gebore is, het Hy haar sondige vlees aangeneem met al die geneigdheid tot sonde. Alhoewel Hy 'n menslike moeder gehad het, het Hy nie 'n menslike vader gehad nie. Hy is deur die Gees van God verwek (Lukas 1:35; Matthéüs 1:20) en dus was Jesus beide 'n deelgenoot van die sondige natuur en die goddelike natuur. Dit gaan terug na punt nommer 1 op bladsy 31 oor hoe Jesus "ons sondes in sy eie liggaam gedra het."

Alhoewel Jesus in die gelykheid van sondige vlees gebore is, het Hy nie aan sondige dade deelgeneem nie; want Hy is "in alle opsigte versoek soos ons, maar sonder sonde" (Hebreërs 4:15). Hy het staatgemaak op die

genade van Sy Vader se inwonende Gees, wat Hom bemagtig het om die neigings van Sy sondige vlees te oorkom (Lukas. 2:40; Johannes. 5:30).[2]

Aan die kruis het Christus die angs gevoel wat die sondaar sal voel wanneer die mag van die duisternis die aangesig van God oorskadu. In daardie duisternis kon Christus nie die blywende teenwoordigheid van Sy Vader aanvoel nie, net soos die goddeloses op die ou einde nie die Vader se teenwoordigheid sal kan aanvoel nie, as gevolg van hulle ongeloof in Sy ewige barmhartigheid. Hulle sal, net soos Christus, voel dat hulle verlaat is.

Die geneigdheid en versoeking om God te wantrou, het swaar op ons Verlosser geweeg. God laat Hom gaan en laat sy Seun toe om te aanvaar dat Hy 'n streng regter is, ontdaan van die innemende eienskappe van 'n vader. Dit kan nog 'n rede wees waarom Sagaría se profesie gepraat het van 'n "swaard" wat God se Herder slaan. 'n Swaard is 'n instrument wat ontwerp is om te sny of te skei. Ons Messias het die gevoel van skeiding van Sy Vader gevoel, en vrees en selfsug het aan Sy siel gekleef. Jesus het egter die twyfel oorkom deur te glo dat Sy Vader Hom nie uiteindelik sou verlaat nie, maar Hom uit die dood sou opwek. Jesus het die duisternis uitgewis toe Hy gebid het: "Vader, in u hande gee Ek my gees oor" (Lukas 23:46).

Die geloof van Jesus oorwin al ons valse idees oor die karakter van God. Hy was versoek om te glo dat God Hom verlaat het, dit is wat sonde elke mens laat glo wanneer God in stilte terugstaan terwyl ons deur moeilike tye gaan, maar Sy volmaakte geloof in Sy Vader het gekeer dat Hy hierdie

---

[2] Dit is hier belangrik om te beklemtoon dat, alhoewel Jesus gebore is as 'n man met die geneigdheid tot sonde, Hy nie geneigdhede van sonde gehad het nie. Ons, aan die ander kant, het nie net oorgeërfde neigings tot sonde nie, maar het ook neigings van sonde gekweek. Dit beteken dat ons nie net die sondige neigings van ons voorvaders het nie, maar ook die neigings wat ons in onsself opgebou het oor 'n leeftyd vol sonde.

leuen geglo het. So het Christus "sonde in die vlees veroordeel". In watter vlees? In sondige vlees!

Soos ons kan sien, word die frase "Jesus het vir ons sondes gesterf" verkeerd verstaan deur die oorgrote meerderheid van die Christendom. Dit beteken nie "ter betaling van" of 'n wettige kansellasie van ons sondes nie. Om die hemelse verslagboeke skoon te maak, behels nie dat Jesus bloot die woord "sondaar" langs jou naam uitvee nie. Hoe sou jy voel as jy 'n terminale siekte gehad het, wat in jou gesondheidsverslag aangeteken is, en jy 'n ander dokter gaan sien het en toe hy jou gesondheidsverslag bekyk het, het hy eenvoudig die toestand uit die verslag uitgevee? Sou jy van die toestand genees word? Nee. Die enigste manier waarop jy die toestand uit die verslag kan haal, is deur 'n middel te ontvang wat jou van die siekte genees.

> *"Want as die bloed van stiere en bokke en die as van 'n vers wat die verontreinigdes besprinkel, heilig maak tot reiniging van die vlees,* ***hoeveel te meer sal die bloed van Christus, wat Homself deur die ewige Gees aan God sonder smet geoffer het, julle gewete reinig van dooie werke om die lewende God te dien****." (Hebreërs 9:13,14)*

Die tradisionele heidense begrip hiervan, wat in die Christendom ingesluip het, is dat Christus Sy bloed aan God aangebied het om vir ons sondes te betaal. Met verwysing na Hebreërs 9:14 skryf Johannes Calvyn: "...Christus alleen was die wettige slagoffer en in staat om God tevrede te stel ..." (vertaal uit *Calvin's Commentary on the Bible*). En John Gill voeg die volgende by: "...hierdie offer is 'aan God' gebring, teen wie sy volk gesondig het, en wie se geregtigheid bevredig moet word ..." (vertaal uit *Gill's Exposition of the Whole Bible, Hebreers 9:14*).

Maar dit is glad nie so nie. Net soos 'n farmaseutiese verteenwoordiger medisyne aan 'n geneesheer gee om aan die pasiënt te gee, het Jesus

Homself "sonder smet geoffer (gegee) aan God" - ons groot Geneesheer - wat dan Jesus vir ons sou gee!

Jesus se lewe sonder smet was 'n bewys dat die Middel werk. Hy het bewys dat om te sondig NIE nodig is nie! Die verskoning, "Wel, ek is 'n mens" wanneer ons sondig, is geen verskoning as gevolg van die feit dat Jesus mens was. Hy het daagliks, asem vir asem, Homself (Sy sondige natuur) verloën en hom onderwerp aan die goddelike natuur wat in Hom woon.

"Maar wag!" Iemand maak beswaar. "Ons het nie 'n goddelike natuur wat in ons woon nie. Hoe is dit dan vir ons moontlik?" Die bloed van Jesus is aan God geoffer, wat Sy sondelose lewe verteenwoordig (Levítikus 17:11,14; Deuteronómium 12:23). Jesus raai ons aan om figuurlik Sy bloed te "drink" (Johannes 6:54), want, soos Paulus sê, "ons sal gered word deur Sy lewe" wat in en deur ons werk (Romeine 5:10; Filippense 1:6). Die Middel wat ons drink, lei tot die aanleer van Sy volmaakte karakter, sodat ons 'n waardering vertoon in ons eie lewens, wanneer ons "deelgenote van die goddelike natuur" word:

> "***Immers, sy goddelike krag het ons alles geskenk wat tot die lewe en godsvrug dien,*** *<u>deur die kennis van Hom</u> wat ons geroep het deur sy heerlikheid en deug, waardeur Hy ons die grootste en kosbare beloftes geskenk het, sodat* ***julle daardeur deelgenote kan word van die goddelike natuur,*** *nadat julle die verdorwenheid ontvlug het wat deur begeerlikheid in die wêreld is." (2 Petrus 1:3,4)*



Om van ons bose begeertes te ontsnap, hang daarvan af dat ons dieselfde goddelike natuur deel waaraan Christus deelgeneem het. Ons word nie soos God, of Goddelik, nie, maar ons neem die karaktereienskappe van Goddelikheid aan. Hoe neem ons daaraan

deel? Ons Vader ontvang "die bloed" (sondelose lewe) wat deur Jesus aangebied word en gee dit aan ons as 'n "bloed-" (lewens-) oortapping.

Hoe dien God hierdie Middel toe? “God het die Gees van sy Seun in julle harte uitgestuur” (Galásiërs 4:6). Ons ontvang dit deur die kanaal van die Gees (lewe/teenwoordigheid) van “Christus in julle” wat die enigste hoop is om God te verheerlik (Kolossense 1:27).

Jesus het vir Sy dissipels gesê, ″Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie in My glo, **die werke wat Ek doen, sal hy ook doen**; en hy sal groter werke doen as dit, omdat Ek na my Vader gaan″ (Johannes 14:12). Hy het voortgegaan om te sê dat, nadat Hy na die Vader gegaan het, die Vader "julle ‘n ander Trooster [sal] gee om by julle te bly tot in ewigheid - die Gees van die waarheid" (verse 16,17). Hierdie “Trooster” (Hulp) is die Heilige (onselfsugtige) Gees van die Vader (die Bron van lewe) wat aan ons gegee is deur Christus (die Kanaal); want Jesus sê: “Ek sal julle nie as wese agterlaat nie; **Ek kom weer na julle toe**. … As iemand My liefhet, sal hy my woord bewaar, en my Vader sal hom liefhê, en **<u>Ons</u> sal na hom toe kom** en by hom woning maak″ (verse 18,23).

> *″Want God het wat vir die wet onmoontlik was, omdat dit kragteloos was deur die vlees deur sy eie Seun in die gelykheid van die sondige vlees te stuur, en dit ter wille van die sonde,* ***die sonde veroordeel in die vlees, sodat die reg van die wet vervul kon word in ons wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees.*** *Want die wat vleeslik is, bedink vleeslike dinge, maar die wat geestelik is, geestelike dinge. Want wat die vlees bedink, is die dood, maar wat die Gees bedink, is lewe en vrede, omdat wat die vlees bedink, vyandskap teen God is; want dit onderwerp hom nie aan die wet van God nie, want dit kan ook nie. En die wat in die vlees is, kan God nie behaag nie;* ***julle is egter nie in die vlees nie, maar in die Gees, as naamlik die <u>Gees van God</u> in julle woon****. Maar as iemand* ***die Gees van Christus*** *nie het nie, dié behoort nie aan Hom nie. Maar* ***as <u>Christus in julle is,</u> dan is die liggaam dood vanweë die sonde, maar die gees is lewe***

***vanweë die geregtigheid**. En <u>as die Gees van Hom [God]</u> wat Jesus uit die dode opgewek het, in julle woon, dan sal Hy wat Christus uit die dode opgewek het, ook julle sterflike liggame lewend maak deur **<u>sy Gees</u> wat in julle woon**."*
*(Romeine 8:3-11)*

Paulus sê vir ons dat, "in Hom [Jesus] woon al die volheid van die Godheid [goddelikheid] in liggaamlike vorm" (Kolossense 2:9), en met die Gees van Christus wat in ons woon, sal ons "vervul word met al die volheid [karaktertrekke] van God":

*Deur die Gees van Christus word die gelowige 'n deelgenoot van die goddelike natuur. Christus het Sy Gees gegee as 'n goddelike krag om alle oorerflike en gekweekte neigings tot boosheid te oorkom en om Sy eie stempel van Sy karakter op Sy mense af te druk.*

*"dat Hy [die Vader] aan julle mag gee na die rykdom van sy heerlikheid [karakter-eienskappe] om met krag versterk te **word deur sy Gees [goddelike natuur] in die innerlike mens**, sodat **Christus deur die geloof in julle harte kan woon**, julle wat in die liefde gewortel en gegrond is, en julle in staat kan wees om saam met al die heiliges ten volle te begryp wat die breedte en lengte en diepte en hoogte is, en die liefde van Christus te ken wat die kennis oortref, **sodat julle vervul kan word tot al die volheid [karakter eienskappe] van God**." (Efésiërs 3:16-19)*

*Christus wat in die gelykheid van sondige vlees gekom het, was nie om God met omkoopgeld af te betaal nie, maar om aan die wêreld 'n voorbeeld te gee van 'n volmaakte mens wanneer hy met goddelikheid verenig word.*

Die Gees (lewe of teenwoordigheid) van God, deur Christus, is die reddende Middel wat in ons harte en verstand ingespuit word, wat daartoe lei dat ons dade van sonde soos 'n siekte in remissie gaan (dit neem af). "Christus in jou" is 'n dodelike inspuiting tot vernietiging van vrees en selfsug. Ons sal nie meer ons hemelse Vader wantrou nie, maar sal lewe "deur die geloof VAN die Seun van God." *"Ek is saam met Christus gekruisig; en ék leef nie meer nie**, maar Christus leef in my;** en die lewe wat ek nou in die vlees lewe, leef ek **deur die geloof <u>van</u> die Seun van God** wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het" (Galásiërs 2:20 sien King James Vertaling)*

*"...die geregtigheid van God, wat deur die **geloof <u>van</u> Jesus Christus** vir almal en oor almal is wat glo; want daar is geen onderskeid nie."*
*(Romeine 3:22 sien King James Vertaling)*

In die boek Hebreërs sê die skrywer dat Jesus "die Leidsman en Voleinder van ons geloof" is (Hebreërs 12:2). In plaas daarvan om "van ons geloof" te sê, sê die Griekse teks egter net "van geloof". Die skrywer sê dat Jesus die enigste Wese is wat al ooit geregtigheid deur geloof volmaak beoefen het. So is Hy die leidsman of outeur van geloof en Hy alleen weet hoe om hierdie geloof (Sy geloof) aan ons te gee om sodoende die Voleinder van geloof te word.

Onthou, Jesus "was in alle opsigte versoek soos ons, maar sonder sonde" (Hebreërs 4:15). Daarom, "Nadat Hy [Jesus] volmaak is, het Hy vir almal wat Hom gehoorsaam is [aanvaar/onderdanig is], 'n bewerker van ewige saligheid geword" (Hebreërs 5:9). Jesus se volmaakte geloof sal ons bemagtig om te oorwin net soos Hy oorwin het (Openbaring 3:21). Hoe het Jesus elke versoeking oorwin? Deur God se krag van genade deur geloof te ontvang. Jesus het gesê: "Die Vader wat in My woon, Hy doen die werke" (Johannes 14:10). "Daarom, laat ons met vrymoedigheid na die troon van die genade gaan, sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade vind om op die regte tyd gehelp te word" (Hebreërs 4:16) – net soos Jesus gedoen het!

> *"Want die **reddende genade van God** het aan alle mense verskyn en leer ons om die goddeloosheid en wêreldse begeerlikhede te verloën, **ingetoë en regverdig en vroom <u>in die teenwoordige</u> wêreld [tyd] te lewe**." (Titus 2:11,12)*

> *Deur Hom het ons "genade en apostelskap ontvang **<u>om geloofsgehoorsaamheid te verkry</u>** onder al die heidene ter wille van sy Naam, onder wie julle ook is geroepenes deur Jesus Christus." (Romeine 1:5,6)*

Dit is hierdie vertroue in ons hemelse Vader se barmhartigheid en genade wat ons red van toorn:

> *"Veel meer dan sal ons, nou dat ons geregverdig is in sy bloed, deur Hom gered word van die toorn." (Romeine 5:9)*

Maar wat beteken dit werklik? Die tradisionele strafregtelike siening hiervan is dat, aangesien Jesus, as ons plaasvervanger, God se toorn oor ons sonde absorbeer, word God se toorn bevredig en sal geregtigheid Hom nie meer verplig om ons te laat sterf nie, tensy ons die offer wat Christus namens ons gemaak het, verwerp.

Hou egter in gedagte dat die teks nie sê dat ons gered is “van die toorn van God nie”. Die woorde “van God” is nie in die Grieks nie, al voeg sommige vertalings die woorde in, om hul eie vooropgestelde idees te weerspieël. Vers 10 sê duidelik dat "ons God se vyande was", dus dra óns die toorn of vyandskap teenoor God. Ons het voorheen geleer hoe God toorn uitdruk. God se toorn is om te “laat gaan” of om die ongelowige oor te gee aan dit wat hulle dink of begeer. God se toorn is dus om die mens se toorn te laat manifesteer.

As jy nie vertroue in God het nie en aanhoudend dink jy word deur Hom verlaat wanneer Hy swyg, sal God jou aan daardie denke oorgee (Spreuke 23:7). Job verduidelik hierdie konsep:

> *"Want **die ding waarvoor ek baie gevrees het, het oor my gekom**, en **waarvoor ek bang was, het na my gekom**. Ek was nie veilig nie, en ek het nie gerus en nie stil nie; tog het moeilikheid gekom." (Job 3:25,26 Contemporary Afrikaans Bible 2023)*

In plaas daarvan om te sê "moeilikheid het gekom", sê die Aramese Bybel in gewone taal "toorn het gekom."

In tye van beproewing bedroef ons meestal God se Gees deur verkeerdelik te glo dat Hy ons vyand geword het en dat Hy nie net teen ons veg nie, maar die Een is wat ons teister:

> *"Maar húlle was wederstrewig en het sy Heilige Gees bedroef; **daarom het Hy vir hulle in ‘n vyand verander: Hy self het teen hulle gestry**." (Jesaja 63:10)*

Jesaja sê nie dat God ontsteld was en teen hulle gedraai het nie. Hy sê, in hulle verdraaide begrip, het dit gelyk of God teen hulle draai, sonder om te besef dat Hy verdruk was in al hulle verdrukking (vers 9). Wanneer Jesus ons van God se toorn red, gaan dit nie oor 'n wettige betaling aan God om Hom te kalmeer nie, maar om ons te red van ‘n oorbewustheid van ons eie gebrek aan geloof (vertroue) in God, sodat ons gered word van ons

selfvernietigende, woedende haat teenoor God, om sodoende die gebroke verhouding te genees.

> *"En julle het navolgers van ons geword en van die Here deurdat julle die woord in baie verdrukking ontvang het met die blydskap van die Heilige Gees … en hoe julle jul van die afgode bekeer het tot God, om die lewende en waaragtige God te dien, en sy Seun uit die hemele te verwag, wat Hy uit die dode opgewek het, Jesus* ***wat ons van die toekomstige toorn verlos****" (1 Thessalonicense 1:6,9,10)*

Die Griekse woord vir "toorn" hier gebruik is ὀργή *(orgé)* wat nie net dieselfde woord is wat in Romeine 5:9 gebruik word nie, maar ook in Markus 3:5 waar ons gesien het hoe Jesus "woede" *(orgé)* uitdruk deur Sy *intense hartseer* vir die Fariseërs se hardheid van hart. Dit kan "'n siel in beroering gebring" beteken. Dit is wat elke ongelowige sal ervaar wanneer God se heerlikheid ten volle geopenbaar word. Daar sal "groot geween en gekners van tande" wees, nie deurdat God aan hulle pyn of marteling toedien nie, maar deur hul eie intense geestelike angs (pyniging) van gemoed wanneer hulle ten volle bewus word van al die hartseer wat hulle aan God en hul medemens gebring het. God se onbaatsugtige en reinigende liefde, wat Sy volk sal verswelg, sal vir die verlorenes wees soos 'n verterende vuur (Hooglied 8:6; Jesaja 33:14,15; Hebreërs 12:29).[3]

Dit is die toorn waarvan Jesus ons red as jy jou hemelse Vader liefhet, op Hom steun en Hom vertrou soos Jesus gedoen het. Wanneer ons verwys na Christus as ons plaasvervanger, beteken dit dat Hy gekom het as 'n mens, die tweede Adam, en vertrouende gehoorsaamheid aan die enigste ware God gegee het waar die eerste Adam gefaal het (Romeine 5:19; 1 Korinthiërs 15:45). Ons ontvang Sy lewe as 'n plaasvervanger vir ons

---

[3] Vir meer inligting hieroor, sien asseblief die Vraag-en-Antwoord-artikel getiteld: *Doesn't the Bible Say That God Will Burn and Torture People "Forever and Ever"?*, op ons webwerf www.lastmessageofmercy.com.

sondige lewe. Wat die Vader in en deur sy eniggebore Seun gedoen het terwyl hy in die gelykheid van sondige vlees gelewe het, sal Hy doen in almal wat hulle onderwerp om aan homself te sterf. Dit is waarom "dit die HERE behaag het om Hom te verbrysel" (Jesaja 53:10).

## *Dit het Die Here Behaag om Hom te Verbrysel*

> *"Maar **dit het die HERE behaag om Hom te verbrysel**; Hy het Hom krank gemaak; as sy siel 'n skuldoffer aangebied het, sal Hy 'n nakroos sien; Hy sal die dae verleng, en die welbehae van die HERE sal deur sy hand voorspoedig wees," (Jesaja 53:10)*

Weereens sê dit hier dat God Jesus oorgegee het om deur die mens mishandel te word. George Whitehead geskryf:

> "Daar is steeds diegene wat Christus verwerp en minag, en wat dink dat hy deur God geslaan of geteister is, en selfs die toorn en wraak van sy Vader in hulle plek ondergaan het ... Terwyl God eerstens nooit so 'n toorn of wraak gehad het teen sy onskuldige Seun, om hom tereg te stel nie; Hy sal ook nie die skuldiges in hulle sondes so skoonmaak nie: **"Dit het die Here behaag om hom te verbrysel" was nie gevoelens van toorn of wraak nie, en ook nie gedagtes om hom dadelik uit sy eie te verbrysel nie, maar <u>gewilliglik</u>.**" (George Whitehead, *The Nature of Christianity, in the True Light Asserted: in Opposition to Anti-Christianism, Darkness, Confusion and Sin-pleasing Doctrines*, 1833, bl. 25)

Samuel Whitman verduidelik verder:

> "'n Beswaar sal ongetwyfeld geopper word, gegrond op die drie-en-vyftigste hoofstuk van Jesaja, die negende en tiende vers. 'Hy het geen geweld gepleeg nie, en daar was geen bedrog in sy mond nie.

> Tog het dit die Here behaag om hom te verbrysel; hy het hom krank gemaak/bedroef.' Daar word beweer, sê jy, deur die profeet, dat dit die Here behaag het om sy geliefde Seun te verbrysel. **Antwoord: dit is ewe waar dat God gesê het dat die slang [Satan] hom moet vermorsel [Genesis 3:15; Openbaring 12:9]. Hieruit is dit duidelik dat, in watter sin die hand van God ook al in die geval betrokke mag wees, dit nie deur sy eie hand was nie, maar deur die krag van Satan, met goddelike <u>toestemming</u>**." (Samuel Whitman, *A Key to the Bible Doctrine of Atonement and Justification*, 1814, bl. 298, 299)

Alhoewel die Hebreeuse woord חָפֵץ *(chaphets)* "behaag" of "verheug" kan beteken, dra dit ook die betekenis van "neig" of "afbuig." Die *Strong's Concordance* sê:

> 'n Primitiewe wortel; behoorlik, **om te neig**; by implikasie (letterlik maar selde) **om te buig**; figuurlik, om tevrede te wees met, begeer -- hoegenaamd enige, (het, neem) behae, begeer, guns, **beweeg**, wees (baie) ingenome, plesierig wees, **sal, sou**.

Hierdie betekenis van "om te neig" of "om te buig" het die doel om te kommunikeer dat God gewillig was of toegelaat het dat hierdie mishandeling voortduur. Die *Internasional Standard Version* stel dit só (vertaal na Afrikaans): "Tog was die HERE gewillig om Hom te verbrysel..." Weereens is die ware betekenis dat God *gewillig* was of *toegelaat* het dat hierdie verbryseling of mishandeling, veroorsaak deur die gevalle mens, plaasvind, en nie dat God sy Seun self om die lewe gebring het nie.

Maar hoekom is Hy behaag daardeur of gewillig om dit te doen? Die antwoord is in die frase: "Hy sal 'n nakroos sien." (Jes.53:10) Hy is bly of gewillig om Hom te laat ly, want Hy weet wat die resultaat is. Is geregtigheid bevredig? Nee! Christus sal Sy nakroos, Sy geestelike nageslag, sien. Sy lewe en dood sal mense na die Vader toe trek:

*"En Ek, as Ek van die aarde verhoog word, sal almal na My toe trek." (Johannes 12:32)*

*"... of naamlik dat **God in Christus die wêreld met Homself versoen het** deur hulle hul misdade nie toe te reken nie en die woord van die versoening aan ons toe te vertrou." (2 Korinthiërs 5:19)*

Die skrywer van die boek Hebreërs sê dit was as gevolg van "die blydskap wat voor Hom gestel is" dat Christus "die kruis verduur het, die skande verag het, en sit aan die regterhand van die troon van God" (Hebreërs 12: 2). Wat is hierdie "vreugde" wat aan Hom gestel is? Ek en jy!

Dit is alles in vervulling van Sagaría se profesie waarvan ons vroeër gepraat het, wat gesê het, nadat die Herder geslaan is, "sodat die skape verstrooi word," dat God sy hand "weer uitstrek oor die geringes." (Sagaría 13:7). Onthou, Jesus verwys na "die geringes" as Sy dissipels wat aanstoot aan Hom sou neem en "verstrooi sou word" (Matthéüs 26:31). Sommige kyk na die gedeelte: "Ek sal my hand weer uitstrek oor die geringes" as iets negatiefs, asof God Sy vernietigende toorn oor hulle sou uitstort. Kyk hoe dit lees in die Contemporary Afrikaans Bible 2023:

*"Ontwaak, o swaard, teen my herder en teen die man wat my metgesel is, spreek die HERE van die leërskare: slaan die herder, en die skape sal verstrooi word, en **Ek sal my hand teen die kleintjies draai**." (Zechariah 13:7)*

Die *Good News-vertaling* sê: "Ek sal my mense aanval." Dan, as gevolg van hierdie aanval van God, "sal twee derdes van die volk deur die land sterf" (vers 8).

Die dood van twee derdes van die verstrooide skape word egter veroorsaak deur diegene wat die Herder fisies aangeval en geslaan het – dit is die Romeine. Toe hulle die tempel binnegeval en Jerusalem vernietig het, is die skape oor die hele wêreld verstrooi.

Om sy hand te draai teen die kleintjies wat verstrooi is, beteken dat die HERE sy *vergewensgesinde* en *beskermende* hand sal draai na hulle wat die groot "vreugde" was waarna Hy uitgesien het. Terwyl die duisternis van verwarring oor Sy volk toegesak het gedurende die "Donker Middeleeue", sou God na Sy verlore skape soek:

> *"Soos 'n herder na sy verstrooide skape soek wanneer hy tussen die kudde is, so sal Ek my skape soek. Ek sal hulle red uit al die plekke waarheen hulle verstrooi was op 'n dag van wolke en duisternis." (Eségiël 34:12; Berean Standard Bible, vry vertaal na Afrikaans)*

Dit was gedurende die Middeleeue, terwyl heidense konsepte van versoening-teologie dwarsdeur die Romeinse Ryk floreer het, dat hierdie foute geïnkorporeer is in die waarhede van suiwer Christendom. God se wet is in hulle gedagtes "verander" na 'n arbitrêre wetlike kode wat verander kan word en opgelegde strawwe ëis as dit nie gehoorsaam word nie; maar die werklikheid is dat God 'n geestelike wet het, wat ontwerp is met 'n waarskuwing teen inherente gevolge as dit verbreek word. Die gebeure rondom die vierde dier van Daniël se profesie was besig om vervul te word Daniël 7:23-25; 8:9-12).

> "Die groot manne wat die Westerse Kerk opgebou het, was byna almal opgeleide **Romeinse prokureurs** ... **Hulle het die denkrigting van 'n prokureur gedra - hul primêre opgelegde plig was die afdwing van gehoorsaamheid aan gesag,** maak nie saak of daardie gesag hom uitgedruk het in eksterne instellings, of in die akurate definisies van die korrekte manier van dink oor geestelike waarhede. **Geen deel van die Westerse Christendom kon homself bevry van die Romeinse regsgeleerdes se towerspel in die vroeë eeue van die Christelike kerk nie.**" (Thomas Lindsay, *A History of the Reformation*, bl. 168)

In 'n internet-artikel getiteld, *The Lie That Led to Penal Substitution Theology*, skryf Timothy Jennings:

"**Omdat imperiale/opgelegde wet straf vir oortreding vereis, het die kerk van die Middeleeue verkondig dat sonde gestraf moet word**. Dit het gelei tot die leerstelling van die vagevuur, waar bewuste siele se sondes na die dood gesuiwer word deur straf … Een van die belangrikste leerstellings wat die groot hervormer Martin Luther verwerp het, was die leerstelling dat bewuste siele in die vagevuur gestraf word … Luther het 'n nuwe teorie voorgehou wat ontwerp was om mense te bevry van beide die vrees vir die vagevuur en die uitbuiting van aflate om familie en geliefdes se vryheid van verdere straf in die vagevuur te koop. Hy het Anselmus se bevredigingsteorie van versoening uitgebrei deur opgelegde straf by te voeg. **Luther het die idee verkondig dat alle sonde deur alle mense van alle tye op Christus aan die kruis geplaas is en deur God aan die kruis gestraf is.** Dus, vir die heiliges, was daar geen ongestrafte sondes wat gestraf moes word nie, dus was daar geen behoefte aan die vagevuur nie. **Ongelukkig word beide die vagevuur en Luther se oplossing onderwerp aan dieselfde leuen - dat God se wet soos die menslike wet funksioneer en dat die oortreding van die wet ('n daad van sonde) straf vereis** … Die voltooiing van die Hervorming vereis die verwerping van hierdie leuen omtrent 'n opgelegde wet, sodat die ewige evangelie in die hele wêreld verkondig kan word, om die wêreld vir Christus se wederkoms voor te berei.." (*comeandreason.com*, 10 Januarie 2019)

In Sagaría 13:9 staan daar dat God 'n oorblyfsel vind wat Hy sal louter:

*"Dan sal Ek die derde deel in die vuur bring en hulle smelt soos 'n mens silwer smelt en hulle toets soos 'n mens goud toets. Hulle sal my Naam [karakter] aanroep, en Ek sal hulle verhoor. Ek sê: 'Dit is my volk! En hulle sal sê: Die HERE, my God!'" (Sagaría 13:9)*

Matthew Henry skryf 'n kommentaar hierop:

"Hierdie woorde, 'Ek sal my hand weer uitstrek oor die geringes" (Sag.13:7) kan verstaan word … as 'n belofte dat God Christus se verstrooide dissipels weer bymekaar sal maak, en Hy sal hulle byeen

> bring in Galilea. Al mag die geringes onder Christus se soldate verstrooi word, sal hulle weer saamkom; die lammers van sy kudde sal Hy herstel, al is hulle bang vir die roofdiere, Hy sal hulle in sy arms versamel en in sy boesem neerlê. Soms, wanneer die skape in die woestyn verstrooi en verlore gaan, word die kleintjies, al is daar gevrees dat hulle 'n prooi sou word (Num. 14:31), ingebring in die huis, en God strek so sy hand oor hulle uit." (*Matthew Henry's Commentary on the Whole Bible, Zechariah 13:7*)

Die "hand" van God verteenwoordig God se "krag", wat na Christus verwys:

> *"Hy, [Christus] wat die afskynsel is van sy [die Vader se] heerlikheid en die afdruksel van sy wese en alle dinge dra deur die* ***woord van sy krag****, nadat Hy deur Homself die reiniging van ons sondes bewerk het, het gaan sit aan die* ***regterhand*** *van die Majesteit in die hoogte," (Hebreërs 1:3)*

> *"maar ons verkondig Christus wat gekruisig is, 'n struikelblok vir die Jode en dwaasheid vir die Grieke; maar vir die wat geroep is, Jode sowel as Grieke:* ***Christus, die krag van God*** *en die wysheid van God." (1 Korinthiërs 1:23,24)*

Hier is dus die konteks dat die skape (die dissipels) verstrooi sal word nadat God toegelaat het dat die Herder geslaan word, en in Sy groot genade sal God Sy groot Hand/Mag (Jesus) herstel aan die geringes, wat gering gemaak is deur die verlies van die Herder (wat beteken dat Hy Jesus aan Sy dissipels sal herstel).

> *"Kyk, die Here HERE sal kom as 'n Sterke, en sy arm sal heers; [krag en sterkte] kyk, sy loon is by Hom, en sy beloning is voor sy aangesig. Hy sal sy kudde laat wei soos 'n herder; Hy sal die lammers in sy arm vergader en aan sy bors dra; die lammerooie sal Hy saggies lei." (Isaiah 40:10,11)*

God sal sy volk bymekaar maak deur ons van al die leuens van Satan te reinig (Jesaja 1:16-18). Wanneer ons besef dat God Sy Seun aan ons

oorgegee het en toegelaat het dat Hy die dodelike gevolge van ons rebellie en haat teenoor Hom, ly, begin ons Sy liefde vir ons ten volle insien.

> *"Ons was God se vyande, maar Hy het ons sy vriende gemaak deur die dood van sy Seun. Noudat ons God se vriende is, hoeveel te meer sal ons gered word deur Christus se [huidige] lewe [in ons]!" (Romeine 5:10, vry vertaal uit Good News Vertaling)*

Die verandering van ons gedagtes om 'n vriendskapsband met God te sluit (versoening met God), vind plaas omdat Christus ons so liefgehad het dat Hy bereid was dat ons Hom verwerp en doodmaak, al het Hy steeds in 'n gees van liefdevolle vergifnis teenoor ons opgetree. Hierdie groot liefde, in teenstelling met ons woedende haat, laat ons besef hoe barmhartig en goed en genadig Hy is, sodat ons kan glo dat ons vergewe is (want dit is in ons sondige natuur om te twyfel of Hy ons werklik liefhet en ons werklik vergewe). Christus het nie gesterf om Sy Vader se toorn teen ons te bevredig nie, maar Hy het eerder gesterf as gevolg van ons menslike woede teen Hom. Hy toon ons ons woede en nyd teenoor God en ons medemens, terwyl Hy God se volmaakte liefde teenoor ons openbaar.

Moderne Christendom verkondig dat Bybelse versoening 'n tweerigtingstraat tussen opponerende partye is:

1. **God**: God moet eers Sy toorn en geregtigheid bevredig voordat Hy die sondaar wettiglik kan vergewe en hom kan begenadig.
2. **Die Mens**: Die mens moet verseker wees dat hy vergewe en aanvaar word deur 'n offer wat vertroue in God herstel.

Die Skrif sê egter niks daarvan dat God met die mens versoen hoef te word nie; want God verander nooit nie (Maleági 3:6). God kyk altyd met guns en oneindige liefde na die mens. Dit is ons gedagtes en gemoedere wat moet verander:

> *"Ook julle wat vroeër vervreemd was en vyandig gesind [**in julle gemoed**] deur die bose werke, het Hy nou versoen in die liggaam van sy vlees deur die dood, om julle heilig en sonder gebrek en onberispelik voor Hom te stel." ((Kolossense 1:21,22, woorde in hakies ingevoeg volgens King James Vertaling en Contempory Afrikaans 2023)*

Dit is die ware definisie van die versoeningsproses. Binne die tradisionele idees rondom straf word versoening verstaan as die bevrediging van God se geregtigheid deur die betaling van 'n wetlik-opgelegde straf; daardie straf is die dood. Let op hoe gotquestions.*org* "versoening" verkeerdelik definieer, en dit gelykstel met 'n wettige betaling (vertaal na Afrikaans):

> "**Volgens die leerstelling van strafvervanging vereis God se volmaakte geregtigheid een of ander vorm van versoening [dit dui op 'betaling'] vir sonde**. Die mensdom is verdorwe, tot so 'n mate dat ons geestelik dood is en nie in staat is om op enige manier vir sonde te versoen [met ander woorde 'betaal'] nie (Efésiërs 2:1). <u>Strafvervanging beteken Jesus se dood aan die kruis bevredig of versoen God se vereiste vir geregtigheid</u>. God se genade laat Jesus toe om die straf, wat ons verdien vir ons sondes, op Homself te neem. Gevolglik dien Jesus se offer as 'n plaasvervanger vir enigiemand wat dit aanvaar. In 'n baie direkte sin word Jesus in ons plek verruil as die ontvanger van straf vir ons sonde."

Dit is egter nie die woord "versoening" se oorspronklike betekenis nie. Die oorspronklike betekenis is "at-one-ment" of "vereniging." Dit is die proses om <u>een</u> met God te word en te wees. Hierdie proses word bewerkstellig deur die vernuwing van ons gemoed, nie deur 'n wettige betaling nie. Ray Foucher verduidelik:

> "Hoe vind die versoeningsproses plaas? Die antwoord word redelik direk gegee:
>
> *'...God wat ons met Homself versoen het **deur Jesus Christus** ...' (2 Korinthiërs 5:18)*

Maar wat beteken dit? Gaan Jesus, namens Sy Vader, in ons gedagtes in en verander sommige stroombane sodat ons, in ons gedagtes, nou tevrede is met God? Versoening is 'n proses van die verstand en die gemoed, 'n verandering van vyandigheid na guns en vriendskap ... so daar moet 'n verandering in denke wees wat veroorsaak word deur die insig verkry deur bykomende kennis. Die Skrif praat wel daarvan:

*'En terwyl ons almal met onbedekte gesig soos in 'n spieël* ***die heerlikheid van die Here aanskou****, word ons van gedaante* ***verander*** *na dieselfde beeld, van heerlikheid tot heerlikheid, as deur die Here wat die Gees is.' (2 Korinthiërs 3:18)*

*'Want God wat gesê het dat daar uit duisternis lig moet skyn—dit is Hy wat in ons harte geskyn het om die* ***verligting te bring van die kennis van die heerlikheid van God in die aangesig van Jesus Christus****.' (2 Korinthiërs 4:6)*

So word ons kennis van God gegee deur wat ons sien in Sy Seun, want die Bybel beskryf Hom as 'die afdruksel' (Heb. 1:3) van Sy Vader. Daardie kennis verander of vernuwe ons gemoed:

*'En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word verander deur die* ***vernuwing van julle gemoed****, sodat julle kan beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is.' (Romeine 12:2)*

*'Daarom, as iemand* ***in Christus*** *is, is hy 'n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles* ***nuut geword****.' (2 Korinthiërs 5:17)*

Die <u>vernuwing van julle gemoed</u> en <u>nuut geword</u> is die verduideliking van 'n proses:

*'en julle jul met die nuwe mens beklee het wat vernuwe word* ***tot kennis na die beeld van sy Skepper****:' (Kolossense 3:10)*

Die vorm van die Griekse woord wat in daardie vers as 'vernuwe' vertaal word, dui op 'vernuwe word', 'n voortdurende proses. Hy wat

geskep het, is die Seun van God (Heb 1:2)." (Ray Foucher, *The Reconciliation Process, characterofgod.org*)


In 'n aanlyn artikel getiteld*, It Pleased God*, gee Floyd Phillips ons 'n paar insigte oor wat werklik vir God behaaglik is:

> "Hierdie idee dat God betrokke is by die straf van die onskuldiges namens die skuldiges, het sy oorsprong by die vader van leuens en is ontwerp om ons waardering vir God se betroubaarheid verder te ondermyn. Dit is die dronkenskap van die wyn van Babilon wat ware geregtigheid dwarsdeur die geskiedenis verdraai het. Tog beweer die moderne Christendom dat Jesus in wese God omgekoop het om skuldige sondaars vry te spreek deur geen geregtigheid aan Sy Seun toe te staan nie, die onskuldige Een wat bereid is om die straf te dra wat kwansuis aan sondaars verskuldig is ... Deur al die venyn van ons wêreld se vyandigheid teen God op Jesus te laat ontketen, het Hy geweet dat die leuens agter al daardie vyandigheid onvermydelik aan die kaak gestel sou word en hierdie leuens sou uiteindelik gediskrediteer word. **Dit is die aangenaamheid, of behaaglikheid, vanuit God se perspektief, agter al die boosheid wat met Jesus gebeur het, en nie die een of ander heidense idee dat God woedend vir sondaars was nie, maar wel dat sondaars die leuens sou kon eien wat hulle groot vyandigheid teenoor God versteek het.** ... Jesus het gekom om die betroubaarheid van God se hart te openbaar, en omdat Hy dit op so 'n skouspelagtige manier gedoen het, het Hy al die misleidings van die vyand aan die kaak gestel. Hy het bewys dat Hy vertrou kan word om God opreg en konsekwent voor te stel en dat al Satan se bewerings ongegrond, vals en sinister is. Dit is die metode waardeur God oorwinning oor die bose behaal – deur Homself kwesbaar te maak in plaas daarvan om Sy oneindige krag te gebruik om Sy vyande te oorweldig." (*biblicalconcepts.blogspot.com*, August 12, 2018)

**Valse Evangelie:** Jesus het gekom om: **1.** die straf van God vir sonde, wat ons toekom, te absorbeer, sodat Sy Vader Hom, in plaas van ons, as 'n versoeningsoffer aan die dood oorgee, en sodoende God se toorn en geregtigheid bevredig, sodat Hy ons uiteindelik kan vergewe. **2.** As ons hierdie offer aanvaar, vind ons baat daarby dat God ons rekening met Jesus se dood krediteer. As ons egter die offer verwerp, ontvlam die toorn van God weer op teen ons en is Hy verplig om ons te vernietig, of selfs te martel, in ooreenstemming met Sy geregtigheid.




**Die Ware Evangelie:** Jesus het gekom om: **1.** Sy Vader se ware karakter te openbaar, wat verkeerd verstaan en dus verkeerd voorgestel is, om ons vertroue te wen, sodat ons kan glo dat God ons nooit veroordeel het nie, dat Sy genade ewigdurend is, en sodoende ons met ons dierbare, innemende Vader versoen. **2.** Om in Homself 'n volmaakte mensdom te ontwikkel, om aan ons die teenmiddel te voorsien vir sonde en selfsug deur Sy Gees. God sal egter nie inmeng met 'n mens se vrye keuse om die teenmiddel te verwerp nie en sal daarom teësinnig toelaat dat sonde sy dodelike verloop neem.



Hierdie werk van versoening is aan ons opgedra, om te doen soos Hy gedoen het:

> *"Daarom, as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword. En dit alles is uit God wat ons met Homself versoen het deur Jesus Christus en ons **die bediening van die versoening gegee** het, naamlik dat God in Christus die wêreld met Homself versoen het deur hulle hul misdade nie toe te reken nie en **die woord van die versoening aan ons toe te vertrou**." (2 Korinthiërs 5:17-19)*

Is jy gereed om hierdie boodskap van versoening te deel en te demonstreer, of sal jy steeds jou vyande vir hul sondes aanspreeklik hou?

# *Sonder Bloedvergieting Vind Daar Geen Vergifnis Plaas Nie*

Ons het vroeër geleer "Daar is dan nou geen veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie" (Romeine 8:1) want nie God of Sy Seun het ons in die eerste plek ooit veroordeel nie. Net so ook, as jy waarlik "in [een met] Christus" is, sal daar geen veroordeling van jou af kom teenoor ander nie. "Want God het sy Seun in die wêreld gestuur nie om die wêreld te veroordeel nie" (Johannes 3:17); "Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook" (Johannes 20:21). God het beloof: "En Ek sal julle 'n nuwe hart gee en 'n nuwe gees in jul binneste gee;" (Eségiël 36:26). Daarom …

> *"..wees vriendelik en vol ontferming teenoor mekaar; vergeef mekaar soos God ook in Christus julle vergewe het." (Efésiërs 4:32)*

Hoe het God jou vergewe? Het Hy 'n bloedoffer vereis? Met verwysing na diereoffers, wat die dood van Jesus voorafskadu, sê *Christianity.com*: "Om

vir die Israeliete vergifnis te skenk, moes iets sterf." En *gotquestions.com* sê, "Vir ons om gered te word, moes Jesus ons plek inneem en vir ons sonde sterf. Hy moes sy lewe as 'n offer aflê, want 'sonder bloedvergieting vind daar geen vergifnis plaas nie.' (Hebreërs 9:22)." As dit waar is, dan sal jy dieselfde moet eis – jy sal iemand nodig hê wie se bloed vergiet word – om "mekaar te vergewe <u>*soos*</u> God in Christus julle vergewe het."

Is dit dan nie waar dat "sonder bloedvergieting vind daar geen vergifnis plaas nie." (Hebreërs 9:22)? Die Griekse woord vir "vergifnis" hier is *ἄφεσις (afese)* wat van die woord *ἀφίημι (aphiémi)* kom. Dit beteken 'n vergifnis wat ontvang word deur die een wat vergewe word en is in teenstelling met die Griekse woord *χαρίζομαι (charizomai)*, gevind in Efesiërs 4:32 (aangehaal hierbo), wat 'n vergifnis is wat gegee word. In vers 31 sê Paulus dat die gemeente in Efésië vergewe is (verlede tyd) selfs terwyl hulle "bitterheid, woede, toorn, geskreeu en boosheid beoefen het". So, *charizomai* is onvoorwaardelike vergifnis teenoor iemand, terwyl *aphiémi* voorwaardelik is, dat ons ons toestand herken en aanvaar dat God vergewe. Dit lei dan tot *afese* wat letterlik beteken dat jou sondes in remissie gaan noudat jy van die Geneesmiddel geneem het.

> *"As <u>ons ons sondes bely</u> [ons sondige toestand erken], Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te **vergewe [aphiémi]**, en ons van alle ongeregtigheid te reinig." (1 Johannes 1:9)*

Let op God is "regverdig" (geregverdig) om ons te vergewe nadat "ons ons sondes bely" het. Dit is duidelik dat dit nie praat van God se onvoorwaardelike vergifnis teenoor die sondaar nie. Johannes praat van 'n vergifnis wat aanvaar en ontvang word deur die reeds-vergewe sondaar wat Sy nood erken. God sou onregverdig wees indien Hy enigiemand dwing om Sy vergifnis te aanvaar.

Nou vra ons die vraag: hoe pas die vergieting van bloed hier in? Christus wat Sy bloed vir ons vergiet het, was nie iets wat God nodig gehad of

vereis het om ons te vergewe (*charizomai*) nie (Psalm 40:7). Sy vergifnis teenoor ons is onvoorwaardelik. Maar omdat sonde ons denke oor God se geregtigheid verdraai het, het ons die vergieting van bloed ('n offerande) nodig, en ons vereis dit, om in God se vergifnis (*aphiémi*) te kan glo en te ontvang. Om te sien hoe Christus Sy bloed vergiet het, was die enigste manier waarop ons die feit sou aanvaar dat God ons vergewe (*charizomai*) het. Dus, in hulle liefde vir ons, akkommodeer God en sy Seun ons, en ontmoet ons waar ons is.

Die letterlike definisie van die woord vergifnis is "om 'n skuld vry te stel." As God die losprys van die dood vasgestel het, en Jesus moes die straf dra om Sy geregtigheid te bevredig voordat Hy ons kon vergewe, sou Hy betaling ontvang het en daarom niks regtig vergewe het nie. God het ons nie vergewe *omdat* Jesus aan die kruis gesterf het nie. Let op dat die kruis nie God se onvoorwaardelike vergifnis *voorsien* nie, dit *vertoon* sy vergifnis – en al wat ons hoef te doen is om Hom te vertrou deur op te staan om dit in *ontvangs* te neem, en dit dan aan ander gun wat ons kwaad aandoen.

---

*~ Dink hieroor na ~*

*As God Jesus nodig gehad het om Sy bloed as 'n offer te stort sodat ons vergifnis kan kry, wat sou gebeur het as almal Jesus aangeneem het en Hy nie gekruisig is nie, maar bloot gesterf het van ouderdom? Sou ons almal verlore wees?*

---

> *"Want Ek het 'n behae in liefde en nie in offerande nie, en in kennis van God meer as in brandoffers." (Hosea 6:6)*

Het Jesus dan nie voor Sy dood vir die verlamde man gesê: "Hou moed [glo dit as 'n feit], seun; jou sondes <u>is</u> vergewe" (Matthéüs 9:2)? As sondes nie vergewe was totdat Jesus Sy bloed vergiet het en God se geregtigheid bevredig is nie, sou Jesus nie gesê het: "Jou sondes <u>sal</u> vergewe word nie"?

In God se gedagtes is daar nooit 'n behoefte vir die oortreder om 'n bevredigende betaling vir sonde te bring nie. Diegene wat in hierdie soort denke vassit, sal hierdie vers aanhaal:

> *"Hierin is die liefde: nie dat ons God liefgehad het nie, maar dat Hy ons liefgehad het en sy Seun gestuur het as 'n versoening vir ons sondes." (1 Johannes 4:10)*

In plaas daarvan om die Griekse woord ἱλασμός (*hilasmos*), hier vertaal as "versoening", se betekenis te lees dat Jesus die Geneesmiddel en genesing geword het vir die infeksie van sonde en selfsug, verstaan die meeste mense dit dat God die Een is wat tevrede gestel of versoen moet word. Dit word duideliker gemaak deur hierdie vers in die *Amplified Bible* te lees. Neem kennis dat die woorde tussen hakies direk uit die Amplified Bible is en die vertalers se interpretasie van die teks weerspieël (vertaal na Afr.):

> *"Hierin is liefde, nie dat ons God liefgehad het nie, maar dat Hy ons liefgehad het en sy Seun gestuur het om die versoening [dit is die versoeningsoffer en die bevredigende offer] vir ons sondes te wees [wat God se eis vir geregtigheid teen sonde vervul en Sy toorn kalmeer of versoen]."* (vry vertaal)

Let op hoe daar geglo word dat Christus, wat as 'n versoening sterf, God se geregtigheid bevredig en Sy toorn kalmeer. Om iemand te "kalmeer" beteken "jy keer dat hulle kwaad is deur vir hulle iets te gee of iets te doen wat hulle tevrede stel" ("placate" – vry vertaal van *vocabulary.com*). Hier sien ons weer die algemene begrip van versoening as 'n wettige betaling

wat aan God gebied word. *Christianity.com* gee 'n interpretasie waarom Jesus ons versoening is:

> "Versoening is 'n groot woord wat bevrediging beteken. Omdat God 'n heilige God is, brand Sy toorn en geregtigheid teen sonde. En Hy het gesweer dat sonde gestraf sal word. **Daar moet 'n bevredigende betaling vir sonde wees.** Maar God het gesê: 'As Ek die mens vir sy sonde straf, sal die mens sterf en hel toe gaan. Aan die ander kant, as ek die mens nie straf vir sy sonde nie, **sal My geregtigheid nooit bevredig word nie**.' … Sy toorn het aan die kruis uitgebrand toe sy enigste Seun gesterf het as die mens se versoening vir sonde. En dit is liefde (sien 1 Johannes 4:10)."

Charles Spurgeon (1834-1892), in sy preek *Particular Redemption*, beskryf sy begrip van versoening. Let weereens op hoe dit uitgedruk word in die sin van 'n betaling aan God:

> "Daar is nooit 'n slegte woord gespreek, nie 'n slegte gedagte uitgedink nie, nie 'n bose daad gedoen nie, waarvoor God nie een of ander straf sal hê nie. **Hy sal óf bevrediging van jóú neem, óf anders van Christus**. <u>As jy geen versoening [wat beteken, 'n betaling'] het om deur Christus te bring nie, moet jy vir ewig in ellende ly om die skuld te betaal wat jy nooit kan betaal nie</u>; want so seker as wat God God is, sal Hy eerder Sy Godheid verloor as om toe te laat dat een sonde ongestraf of een deeltjie van rebellie sonder wraak gelaat word. Jy mag sê dat hierdie karakter van God koud, en streng en ernstig is. Ek kan nie instaan vir wat jy daarvan sê nie; dit is nietemin waar. Dit is die God van die Bybel."

Deur hierdie karaktereienskap aan God toe te skryf, maak dit egter net dat Hy nie anders optree as die heidense gode van baie kulture nie. E.J. Wagoner (1855-1916) maak hierdie verband:

> "Die idee van 'n versoening of offer is natuurlik dat daar toorn is wat tevrede gestel moet word. **Maar let veral op dat dit ons is wat die offer vereis, en nie God nie. Hy verskaf die offer. Die idee dat God se toorn versoen moet word sodat ons vergifnis kan kry,**

> **vind geen waarborg in die Bybel nie. Dit is die hoogtepunt van absurditeit om te sê dat God so kwaad is vir mense dat Hy hulle nie sal vergewe nie, tensy iets voorsien word om sy toorn tevrede te stel, en dat Hy daarom self die gawe aan homself aanbied, waardeur hy gepaai word.** … Die heidense idee, wat te dikwels deur verklaarde Christene gehuldig word, is dat mense 'n offer moet bring om die toorn van hul god tevrede te stel. Alle heidense aanbidding is bloot omkoopgeld aan hulle gode om gunstig teenoor hulle te wees. As hulle dink dat hulle gode baie kwaad vir hulle was, sou hulle 'n groter offerande verskaf, en daarom is mense-offers in uiterste gevalle gebring [Miga 6:6-8]. Hulle het gedink, soos die aanbidders van Siva in Indië vandag, dat hulle god bevredig word deur die aanskoue van bloed." (E.J. Waggoner, *The Signs of the Times*, Vol. 22, Januarie 23, 1896)

*Dit is nie God wat eis dat daar "sonder bloedvergieting … geen vergifnis [kan] wees nie", maar dit is eerder die mens wat dit glo, omdat hy nie kan glo dat God hom sal vergewe tensy hy 'n offer bring nie.*

Let asseblief op dat dit óns is wat 'n offerande vereis, nie God nie, want ons is diegene wat glo "sonder die vergieting van bloed kan daar geen vergifnis wees nie." Jesus het Sy bloed vergiet as 'n versoening, nie om God met ons te versoen nie, maar om die mens met God te versoen! Dus, in plaas daarvan dat God 'n offer vereis en ons dit voorsien; is dit ons wat die offer vereis en God voorsien dit. Dit het alles geskied om ons, wat Hom vyandiggesind was, te kalmeer en tevrede te stel.

Met die Gees van Christus wat in ons woon, sal ons ander vergewe "net soos" God in Christus ons vergewe het. Ons sal nie diegene wat ons vervolg veroordeel of 'n offer van hulle eis voordat ons eers daaraan sal dink om hulle te vergewe nie.

Ons sal met onbaatsugtigheid self al die inisiatiewe neem om ons met ons vyande te versoen (om hulle tevrede te stel) en altyd gewillig wees om ons kruis te dra en vir hulle te sterf.

Paulus raai ons aan: "Want hierdie gesindheid moet in julle wees wat ook in Christus Jesus was, wat ... uit eie vrye wil alles wat Hy gehad het prysgegee het en die gestalte van 'n dienskneg aangeneem het ... het Hy Homself verneder en gehoorsaam geword tot die dood toe, ja, die dood van die kruis." (Filippense 2:5-8). Met die gesindheid van Christus in ons, sal ons uitroep, "Ons is nie hier om gedien te word nie, maar om te dien en ons lewens vir U te gee!" (Matthéüs 20:28). Openbaring spreek van God se mense:

> *"En hulle het hom oorwin deur die bloed van die Lam en deur die woord van hulle getuienis [die woord van versoening]. en* ***hulle het tot die dood toe hulle lewe nie liefgehad nie****." (Openbaring 12:11)*

Deur Christus se Gees van liefde wat ons bemagtig, sal ons op 'n natuurlike wyse en met vreugde sy werk van versoening uitvoer.

> *"Maar Ek sê vir julle wat luister:* ***Julle moet jul vyande liefhê en goed doen aan die wat vir julle haat, Seën die wat vir julle vervloek, en bid vir die wat julle beledig.*** *Aan hom wat jou op die wang slaan, moet jy ook die ander een aanbied; en aan hom wat jou bo-kleed neem, moet jy ook die onderkleed nie weier nie. Maar gee aan elkeen wat jou iets vra, en eis jou goed nie terug van hom wat dit neem nie. En soos julle wil hê dat die mense aan julle moet doen, so moet julle ook aan hulle doen. En as julle dié liefhet wat vir julle liefhet, watter dank het julle? Want die sondaars het ook dié lief wat vir hulle liefhet. En as julle goed doen aan die wat aan julle goed doen,*

*watter dank het julle? Want die sondaars doen ook dieselfde. En as julle leen aan dié van wie julle hoop om terug te ontvang, watter dank het julle? Want die sondaars leen ook aan die sondaars, om net soveel terug te ontvang. Maar julle moet jul vyande liefhê en goed doen en leen sonder om iets terug te verwag, en julle loon sal groot wees; en julle sal kinders van die Allerhoogste wees;* ***want Hy self is goedertieren oor die ondankbares en slegtes*. *Wees dan barmhartig, soos julle Vader ook barmhartig is***. *(Lukas 6:27-36)*

Paulus praat ook van Christus as 'n "versoening" in die boek Romeine:

*"Hom [Christus]* ***het God voorgestel*** *in sy bloed* ***as 'n versoening*** *deur die geloof, <u>om sy geregtigheid te bewys</u> deurdat Hy die sondes ongestraf laat bly het wat tevore gedoen is onder die verdraagsaamheid van God, <u>om sy geregtigheid te toon in die teenwoordige tyd</u>, sodat Hy self regverdig kan wees en regverdig maak wie uit die geloof in Jesus is." (Romeine 3:25, 26)*

Die *Amplified Bible* beskryf hier dat dit God is wat Christus openlik vertoon het "as 'n lewegewende offer van versoening en hereniging … om Sy geregtigheid, *wat straf vir sonde eis,* te demonstreer." Die Griekse woord wat hier vir *versoening* gebruik word, is egter ἱλαστήριον (*hilasterion*), wat eintlik "versoendeksel" beteken en verwys na die deksel wat die Ark van die Verbond bedek. Hierdie woord word nog net een keer in die Griekse Nuwe Testament gebruik waar die skrywer van Hebreërs sê, "bo-op [op die Verbondsark] (is) die gérubs van die heerlikheid wat die **versoendeksel [*hilasterion*]** oorskadu" (Hebreërs 9:5). Die betekenis is duidelik – ons kan na Jesus gaan en rus aan die boesem van Sy ewige versoening (of versoendeksel) (Jesaja 40:11; Matthéüs 11:28-30). Daarom sê Paulus in Romeine 3:25, geparafraseer, "God het Christus as die versoendeksel voorgestel om Sy geregtigheid te demonstreer." God se geregtigheid gaan oor versoening en barmhartigheid (oor liefdevolle goedheid), nie oor die eis van straf vir sonde nie.

Alhoewel *Christianity.com* die versoendeksel-sinspeling erken, kom hulle steeds tot die verkeerde gevolgtrekking, omdat hulle glo dat Christus die straf van God in ons plek gedra het:

> "Christus is 'die versoening', want deur ons plaasvervanger te word en ons verpligtinge op te neem, het Hy ons skuld versoen, dit bedek, deur die plaasvervangende straf wat Hy verduur het."

In sy *Bible Exposition* herinner John Gill ook aan die "sinspeling op die versoendeksel, wat 'n tipe van hom [Jesus] as sodanig was". Hy draai egter ver van die waarheid af weg wanneer hy definieer wat dit beteken:

> "Christus is die versoening aan God vir sonde; **wat verstaan moet word as sy bevrediging van goddelike geregtigheid** vir die sondes van sy volk; dit is aan hom toegereken en op hom geplaas, **die wet en geregtigheid van God het hul eise aan hom gestel; wat hy tot hul bevrediging geantwoord het** deur sy gehoorsaamheid en opoffering; en aangesien dit nie deur enige ander gedoen kon word nie, en ook nie op enige ander manier nie, word dit uitgedruk as 'hereniging' en 'versoening': **waarna gesê kan word dat God gekalmeer [gesus/afbetaal] of tevede gestel is** ... Christus het nie deur sy offer en dood die liefde en guns van God verkry nie, maar het die hindernisse verwyder wat in die weg van die liefde se verskyning lê; daar was 'n wet wat verbreek is en 'n sin van geregtigheid wat uitgedaag is, waaraan aandag geskenk moes word, en **Christus het deur sy offer beide bevredig**; sodat nóg die toorn van God, nóg enige van die gevolge daarvan, op die persone kan val waarvoor Christus die versoening is, selfs volgens die geregtigheid self; sodat **dit [God se] geregtigheid bevredig het, en dus is dit nie die liefde wat dit vereis nie.**"

Let weereens op, die algemene begrip van hereniging en versoening is 'n daad van betaling aan God om Sy geregtigheid te bevredig. Die woord *hilasterion* is 'n afleiding van die woord ἱλάσκομαι (*hilaskomai*) wat

beteken, "wees genadig, maak versoening." Die enigste twee verse wat *hilaskomai* gebruik is:

> *"En die tollenaar het ver weg gestaan en wou selfs nie sy oë na die hemel ophef nie, maar het op sy bors geslaan en gesê: o God, wees my, sondaar,* ***genadig (hilaskomai)****!'" (Lukas 18:13)*

> *"Daarom moes Hy in alle opsigte aan sy broeders gelyk word, sodat Hy 'n barmhartige en getroue hoëpriester kon wees in die dinge wat in betrekking tot God staan, om die sondes van die volk te* ***versoen (hilaskomai)****." (Hebreërs 2:17)*

Met inagneming van wat ons geleer het oor die woorde hereniging, versoening en bevrediging, sê die Skrif nie vir ons dat God se geregtigheid bevredig (afbetaal) moes word nie, maar eerder dat God Jesus voorgestel het as die weg en die middel van herstel (hereniging en versoening) deur die vasgestelde bewys van God se ware karakter geopenbaar in Christus, wat <u>ons</u> vereiste van geregtigheid versoen het.

> "**'n Versoening kan slegs gedoen word deur God wat sy liefde openbaar, ten spyte van sonde en hartseer, op so 'n manier dat mense se harte tot teerheid aangeraak sal word; en wanneer hulle verlos is van Satan se dwalings, word dit duidelik hoe volledig en vreeslik hulle die Goddelike Een verkeerd verstaan het**, en dit gedoen het ten spyte van die Gees van sy genade. So kan hulle, as broeders wat terugkeer, gelei word om in salige eenheid na die Vader se huis te kom. <u>Die versoening is nie om God se toorn tevrede te stel sodat mense mag **waag** om na hom toe kom nie, maar dit is om sy liefde te openbaar, sodat hulle na Hom **sal** kom</u>. **Dit was nie Christus wat God met die wêreld versoen het nie, maar God in Christus wat die wêreld met Homself versoen het**." (George Fifield, *God is Love*, bl. 48)

Wanneer Christus die ware karater van God aan ons openbaar, word ons deur Christus met God versoen. Nie omdat Hy God se geregtigheid en

toorn wettiglik bedaar het nie, maar omdat ons nou uiteindelik glo en vertrou dat God liefde is en dat Hy ons nooit veroordeel het, en dat Hy nooit op enige manier tevrede gestel hoef te word nie. So hanteer ons op ons beurt ander mense op dieselfde wyse. Dit is wat God se *geregtigheid* bevredig, want God se geregtigheid gaan nie daaroor om mense vir hul sondes te laat *betaal* nie – dit gaan daaroor om mense van hul sondes te *red*; want "Hy sal die moeitevolle arbeid van sy siel sien en versadig word" (Jesaja 53:11 – sien Contemporary Afrikaans Bible).

# *Om Jesus 'n Vervloeking te Noem*

In sy eerste brief aan die Korintiese gelowiges skryf Paulus iets interessants:

> *"Daarom maak ek julle bekend dat niemand wat deur die Gees van God spreek, Jesus 'n vervloeking noem nie; en niemand kan sê dat Jesus die Here is nie, behalwe deur die Heilige Gees." (1 Korinthiërs 12:3)*

Met die eerste oogopslag lyk dit voor die hand liggend dat geen mens wat deur die Gees van God spreek Jesus 'n vervloeking sal noem nie, maar as ons 'n bietjie nader kyk na wat Paulus sê, vind ons dat hy iets sê wat 'n dieper betekenis het as wat ons vandag verstaan. Kom ons kyk eers na 'n paar definisies van die woord *vervloeking*. Hier is die definisie van *Noah Webster's 1828 Dictionary (vry vertaal):*

> **VERVLOEK / VERVLOEKING**
>
> 1. Gedoem tot vernietiging of ellende, verbanning:
>
> Die stad sal vervloek wees. Joshua 6:17.
>
> 2. Geskei van die gelowiges; uit die kerk gewerp; geëkskommunikeer.
>
> ek sou self kon wens om… 'n vervloeking te wees, wég van Christus af. Rom. 9:3

3. Waardig om vervloek te wees; verfoeilik; bespotlik [uiters sleg of onaangenaam].

En julle moet julle… bewaar van die bangoed. Josua 6:18

Dus,

4. Goddeloos; kwaadaardig in die uiterste mate.

Kan jy jou voorstel dat 'n gelowige mens enige van daardie dinge aan Jesus toeskryf? Miskien sal 'n nie-gelowige Jood dit glo, maar Paulus skryf aan die gemeente in Korinte, wat meestal bestaan uit heidene (en 'n paar Jode) wat in Jesus glo. Waarom sou hy die gelowiges aan hierdie mees ooglopende punt herinner? Selfs vandag word daar meestal na die Engelse woord *accursed* verwys as iemand of iets wat gedoem is, haatlik, verfoeilik, ens. Dit is duidelik dat ons hier iets mis wat dieper lê.

Soos vroeër genoem, was die kerk in Korinte oorwegend nie-Joodse gelowiges wat hul van die heidendom tot die Christendom bekeer het. Hulle was vroeër deurtrek met afgodediens. Let op hoe Paulus hulle aan die begin van hierdie hoofstuk aanspreek:

*"En wat die geestelike **gawes** betref, broeders, wil ek nie hê dat julle onkundig moet wees nie. Julle weet dat julle heidene was, <u>weggevoer na die stomme afgode</u> net soos julle ook al gelei is." (1 Korinthiërs 12:1,2)*

Wanneer ons dit lees, kom ons dadelik tot die gevolgtrekking dat die onderwerp van Paulus se bespreking geestelike **gawes** is. Maar wat ons moet verstaan, is dat die woord "gawes" bygevoeg is deur die vertalers. In sommige vertalings is die bygevoegde woorde kursief, wat wys dat die woord "gawes" nie in die Grieks is nie. Die eerste sin moet dus lees: "En wat geestelike broers [of persone] betref, wil ek nie hê dat julle onkundig moet wees nie."

Die onderwerp van Paulus se bespreking is dus nie geestelike gawes nie, maar "geestelike persone" en wat hierdie "geestelike persone" leer, hou

verband met wat hulle vroeër as afgodsaanbidders geglo het. Daarom sê Paulus in vers 3 dat geen geestelike persoon (een wat deur God se Heilige Gees gelei word) Jesus 'n vervloeking sal noem nie, wat weer iets is wat verband hou met wat hulle vroeër as heidense afgodedienaars geglo het.

Die Griekse woord wat Paulus gebruik het, wat hier as "vervloeking" vertaal word, is die woord ἀνάθεμα (*anathema*). Dit kan ook in ander vertalings gesien word (bv. *Afrikaanse 1983 en 2020 Bybelvertalings*).

Paulus sê dat iemand onder die invloed van God se Gees nie Christus *anathema* sal noem nie. Ons moet uitvind wat vervloeking vir Paulus en die Korintiërs beteken het, sodat ons ook nie daaraan skuldig bevind sal word dat ons Christus 'n vervloeking noem nie. *Anathema* word gedefinieer deur *Strong's Concordance* as:

> ἀνάθεμα **(*Anathema*)**:
> Dit wat eenkant geplaas is, vir 'n gelofte-offer/dankoffer.

Anathema word hierbo gedefinieer as "'n gelofte-offer". Wat presies is 'n "gelofte-offer"?

> "Geloftes was geskenke wat deur hulle aanbidders aan die gode aangebied is. Hulle is dikwels gegee vir voordele wat reeds toegeken is of in afwagting van toekomstige goddelike gunste. Of hulle kan aangebied word om die gode tevrede te stel omtrent misdade wat bloedskuld, goddeloosheid of die verbreking van godsdiensgebruike behels. Hulle kan óf vrywillig gegee word óf in reaksie op eise deur die kultus se priesterskap dat die skenker 'n godsdienstige gelofte, of een of ander godsdienstige gebruik, moet nakom. … Offerandes is gesien as geskenke aan die gode. Hulle het die vorm van bloedlose offers aangeneem soos grasse, wortels, graankorrels, vrugte, kaas, olie, heuning, melk en wierook, of was bloedoffers soos wilde en mak diere, voëls en visse. Die voedsel en vloeistowwe is óf op verhewe altare verbrand sodat hulle geur hemelwaarts kon opstyg, of laat sak in putte, gate of in grafte gegooi. Wat oorgebly het, is gewoonlik

deur dié wat die offers bring, gebruik." (*penn.museum/The Ancient Greek World on "votive offering"*)

Anathema, of 'n gelofte-offer, is iets wat aan 'n god (of aan *die* God) geoffer is. Paulus sê dat Christus NIE dit is, in die sin soos wat die Korintiese kerk dit sou verstaan nie. Christus is nie 'n gelofte-offer om die toorn van 'n wraakgierige God tevrede te stel nie. Paulus waarsku hulle dat sommige belydende geestelike broers hul ou heidense oortuigings, wat op strafversoening gegrond is, meng met wat Christus waarlik aan die kruis bereik het. Vroeër in hoofstuk 10 het Paulus hulle gewaarsku deur te sê ...

> "...*Nee, maar dat die heidene wat dit offer, aan duiwels offer en nie aan God nie. En ek wil nie hê dat julle met die duiwels gemeenskap moet hou nie." (1 Korinthiërs 10:20)*

In *Noah Webster se 1828 Dictionary* gee dit twee definisies van die woord anathema. Die eerste definisie is die daad om uit 'n kerk geban te word. Die tweede definisie is egter die manier waarop Paulus dit in sy brief aan die Korintiërs gebruik het, in verband met hulle voormalige heidense afgodery:

> "In die heidense mitologie is 'n offer, of 'n geskenk, aan een of ander godheid gebring en in 'n tempel opgehang. Wanneer 'n persoon uit sy diens bedank het, het hy sy gereedskap afgesonder en aan sy goddelike beskermheer opgedra. Persone wat gevaar merkwaardig vrygespring het, of andersins baie gelukkig was, het hul dankbaarheid betuig deur een of ander offer aan hul god."

Paulus waarsku ons teen hierdie heidense leerstelling, wanneer dit deur "geestelike" persone met 'n "Christelike" wending vermeng word. Jesus is nie "gebore om te sterf" as 'n offer aan God sodat God uiteindelik die gevalle mens kan vergewe nie. Jesus het nie gesterf om ons te red van God se toorn teen ons nie. Hy het nie gesterf om ons te red van 'n gewisse dood deur ons hemelse Vader, wat ons om die lewe bring of martel vir ewig in vlamme nie. God het ons nog nooit veroordeel nie. Hy is nie, en

was nog nooit, 'n vyand van ons nie, maar ons was vyande van Hom (Jeremia 31:3; Romeine 8:31; Hebreërs 13:5).

Satan het deur die jare hard daaraan gewerk om ons gedagtes weg te lei van die waarheid. Om die heidense leerstelling van versoening deur bevrediging subtiel in die “Christelike” kerk in te bring, is 'n geniale werk van misleiding, sodat ons glo dat Jesus na hierdie aarde gestuur is om te sterf as 'n bevrediging (betaling) aan God, om versoening met God te verkry. Hierdie gevaarlike leerstelling stel ons dan vry van die uitspraak van die moord op die Seun van God, en verander die dood van Christus na iets wat God wou of moes doen.[4] Ons het onsself mislei deur God se medepligtiges te word in plaas van God se vyande, wat sonder sy Gees in “vyandskap teen God” staan (Romeine 8:7) en Christus uit die weg wil ruim; ons wens Hy was dood.

# *Die Uur van Sy Oordeel het Gekom*

In die 14de hoofstuk van die boek Openbaring lees ons:

> *"En ek het 'n ander engel in die middel van die lug sien vlieg met 'n ewige evangelie om te verkondig aan die bewoners van die aarde en aan alle nasies en stamme en tale en volke. En hy het met 'n groot stem gesê: Vrees God en gee Hom heerlikheid, **want die uur van sy oordeel het gekom**; en aanbid Hom wat die hemel en die aarde en die see en die waterfonteine gemaak het." (Openbaring 14:6,7)*

Om "God te vrees", in hierdie vers, beteken nie “om bang te wees” nie. Dit beteken om deur Hom met ontsag geïnspireer te word, want jy het kennis opgedoen deur die ewige evangelie (die goeie nuus) aangaande Sy ware

[4] Dit beteken nie dat Christus nie nodig gehad het om te sterf nie. Ons het Christus nodig gehad om te sterf, sodat ons kon *glo* dat God ons vergewe het, maar God het nie nodig gehad dat Christus sterf om ons *te* vergewe nie.

karakter. Dit is om op Sy ewige, onvoorwaardelike en vrye genade te vertrou:

> *"Die HERE het 'n welgevalle in die wat Hom vrees, wat op sy goedertierenheid hoop." (Psalm 147:11)*

Hierdie aanpassing of "regstelling" van jou redenasie teenoor God is wat die Bybel *regverdigmaking* noem. Wanneer daardie kennis in jou hart en gemoed wortel skiet, begin jy daardie karakter ervaar, wat lei tot aanbidding van die ware Skepper (Ontwerper). Dit is die proses van heiligmaking waarin jy daardie karakter begin navolg deur die inwonende teenwoordigheid van Christus se Gees wat jou vernuwe na die beeld en gelykenis van God en Sy Seun, wat die mensdom aan die begin voor sonde gehad het (Genesis 1:26,27).

> "Ons moet terugkeer na ons Skepper en Ontwerper om Hom te aanbid en ons moet besef Sy wette is die protokolle waarop die lewe gebou is. Ons moet besef dat sonde die sondaar verander en 'n toestand bring wat onversoenbaar is met die lewe in God se heelal, omdat die sondaar nie meer opereer binne die wet (protokolle) waarbinne God lewe gemaak het om te bestaan nie. God het, deur Christus, gewerk om sondaars te genees en weer tot volmaaktheid te herstel. **Dit is genesende vervangingsteologie**, 'Want Hy het Hom wat geen sonde geken het nie, sonde vir ons gemaak, sodat ons *kan word geregtigheid van God* in Hom.' (2 Kor 5:21). Dit is die ware missie van die kerk – een wat ons slegs sal vervul wanneer ons die opgelegde wet, met sy strafregtelike plaasvervangende verdraaiing, van ons kansels, boeke, leerstellings, universiteite en instellings afskaf." (Timothy Jennings, *The Lie That Led to Penal Substitution Theology, comeandreason.com*, January 10, 2019)

As ons teruggaan na Openbaring 14:7, praat die profeet van 'n wêreldwye werk van verheerliking wat kom gedurende die tyd waarin ons eer aan God sal gee op "die uur van sy oordeel."

Lees weer daardie frase – "die uur van SY oordeel het gekom." Ja, dit is die tyd waarin die bewoners van hierdie wêreld God sal oordeel!

> *"Beslis nie. Dit staan vas dat God betroubaar is en elke mens 'n leuenaar, soos daar geskrywe staan: "**U is regverdig wanneer U uitspraak doen en U wen u saak wanneer U aangekla word**." (Romeine 3:4, AFR83)*

Hierdie oordeel bepaal nie God se geregtigheid nie; dit bevestig dit:

> *"Groot en wonderlik is u werke, Here God, Almagtige; regverdig en waaragtig is u weë, o Koning van die heiliges!!" (Openbaring 15:3)*

As gevolg van die kennis wat ons opgedoen het deur die ewige evangelie (die goeie nuus), wat deur Jesus verkondig en gedemonstreer is, het ons nou behoorlike oordeel (onderskeidingsvermoë) oor God se karakter en hoe Hy geregtigheid uitvoer. Hierdie evangelie, wat voor die hele wêreld verkondig en beoefen moet word, *regverdig* God en Sy woord en weerlê dus Satan en die mens se leuens oor Hom. Dit sal "ons planne … en elke skans wat opgewerp word teen die kennis van God verbreek" en "elke gedagte gevange neem tot die gehoorsaamheid aan Christus" (2 Korintiërs 10:5), wat die heiliging van Sy naam (karakter) tot gevolg het:

> *"**En Ek sal my grote Naam [karakter] heilig wat onder die nasies ontheilig is, wat julle onder hulle ontheilig het**; en die nasies sal weet dat Ek die HERE is, spreek die Here HERE, **as Ek My in julle voor hul oë as die Heilige laat ken**." (Eségiël 36:23)*

Wanneer God geregverdig is in ons gedagtes en geheilig is in ons lewens, sal heerlikheid aan Hom gebring word deur diegene wat sien hoe God se onbaatsugtige karakter gedemonstreer word in en deur Sy eindtydkerk.

*"Laat julle lig só skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik." (Matthéüs 5:16)*

Soos u kan sien, sal ons regverdigmaking, heiligmaking en verheerliking 'n getuienis vir die wêreld oor God wees, wat sal lei tot Sy geregverdiging, heiligmaking en verheerliking – of, met ander woorde, Sy vryspraak!

*"En ná hierdie dinge het ek 'n engel sien neerdaal uit die hemel, met groot mag, en die aarde is verlig deur sy heerlikheid." (Revelation 18:1)*

Neem kennis dat die woord vir "engel" is ἄγγελος *aggelos*, wat "boodskapper" beteken of "een wat nuus van God aan mense oordra." Hierdie "engele" wat "die ewige evangelie" (die goeie nuus) dra, wat daartoe lei dat die aarde verlig word met God se heerlikheid (karakter), verteenwoordig die *laaste boodskap van genade* wat verkondig moet word net voor Jesus se wederkoms. Ek bid dat hierdie boek deel is van daardie laaste boodskap om ons hemelse Vader te vry te spreek van al daardie leuens wat versprei is deur die "mensemoordenaar van die begin af" wat 'n "leuenaar is en die vader daarvan." (Johannes 8:44).

*Mense wat God se karakter werklik verstaan, het 'n waardering en liefde vir Hom wat hulle aanmoedig om daardie karakter deur hulle goeie werke te weerspieël. Nie om 'n beloning te kry of om die sogenaamde "straf van God" vry te spring nie, maar om ander na Hom toe te trek. Wanneer mense ons sien, sien hulle die Vader, soos met Christus; want "ons sal soos Hy wees" (1 Johannes 3:2).*

Jesus het gesê: "Want die Vader oordeel niemand nie, maar het die hele oordeel aan die Seun toevertrou, sodat almal die Seun kan eer net soos hulle die Vader eer ..." (Johannes 5:22,23). Dit beteken dat God dit aan sy Seun toevertrou het om bewyse voor te lê, sodat mense hulle besluite kan neem (oordeel). Ter bevestiging, sê Jesus:

> *"Tot 'n oordeel het Ek in hierdie wêreld gekom, sodat die wat nie sien nie, mag sien, [deur te kies om die waarheid te aanvaar wat Jesus gedemonstreer het] en die wat [sê hulle] sien [maar nie sien nie], blind mag word [deurdat hulle die waarheid wat Jesus gedemonstreer het, verwerp]" (Johannes 9:39)*

Jesus sê self ook dat Hy nie ander oordeel nie:

> *"Julle oordeel volgens die vlees. **Ek oordeel niemand nie**. En al oordeel Ek, my oordeel is waar, omdat Ek nie alleen is nie, maar Ek en die Vader wat My gestuur het." (Johannes 8:15,16)*


Jesus het gesê as Hy wel oordeel, sal Sy oordeel waar wees, want net soos ons oordeel van God nie God se geregtigheid *bepaal* nie, bepaal God se oordeel nie die lot van die verlorenes nie, dit *bevestig* dit. Die hemelse oordeel gaan nie daaroor dat God deur rekordboeke gaan wat sê: "Hierdie persoon is 'n sondaar, daarom moet ek hom straf, martel en doodmaak!" Nee, dit is die *toestand* van die mense, of hulle die Geneesmiddel wat Christus voorsien het, aanvaar het of nie, wat hulle lot bepaal. So is God se oordeel die akkurate *diagnose* van wat reeds in elke hart en verstand is.

> *"Wie onreg doen, laat hom nog meer onreg doen; en wie vuil is, laat hom nog vuiler word; en laat die regverdige nog regverdiger word, en laat die heilige nog heiliger word." (Openbaring 22:11)*

As beide die Vader en die Seun ons nie oordeel nie, wie oordeel ons dan?

> *"Wie My verwerp en my woorde nie aanneem nie, het een wat hom oordeel: die woord wat Ek gespreek het, dit sal hom oordeel in die laaste dag." (Johannes 12:48)*

Almal sal hulself oordeel deur die manier waarop hulle Christus se woorde oor Sy Vader se karakter beoordeel; ″Want met die oordeel waarmee julle oordeel, sal julle geoordeel word.″ (Matthéüs 7:2).




> *″**Wees nie bevrees nie**, want Ek is met jou; kyk nie angstig rond nie, want Ek is jou God. Ek versterk jou, ook help Ek jou, ook ondersteun Ek jou met my reddende regterhand.″ (Jesaja 41:10)*

Onthou, die hele proses van vrees wat tot selfveroordeling en die veroordeling van ander gelei het, het deur Adam gekom (Genesis 3:8-12). Dit was vrees wat hierdie foutiewe denke oor God se karakter veroorsaak het. God aanvaar nie aanbidding deur vrees nie, maar uit liefde; want "Daar is geen vrees in die liefde nie; maar die volmaakte liefde dryf die vrees buite, want die **vrees sluit straf in**, en hy wat vrees, het nie volmaak geword in die liefde nie. " (1 Johannes 4:18). Neem asseblief kennis hoe die Strong's *Exhaustive Concordance* die woord "straf" hier definieer:

> **κόλασις (kolasis):**
> Van kolazo; straftoediening — straf, marteling.


Met ander woorde, "daar is geen vrees in liefde nie; maar volmaakte liefde verdryf vrees: want vrees het **die konsep van straftoediening** daaraan gekoppel." Aangesien God liefde is (1 Johannes. 4:8), was daar nooit, en sal daar nooit enige konsep van straftoediening (versoening deur straf) in God wees nie, en wie idees in stryd hiermee ondersteun, sal nooit volmaak word in liefde nie.

**Nadat u hierdie materiaal gelees het, mag u moontlik baie vrae hê. Besoek asseblief die V&A-afdeling by *lastmessageofmercy.com* om antwoorde op vrae soos hierdie te vind:**

- (Matthéüs 10:28; Lukas 12:5) Sê Jesus Nie Vir Ons Om God Te Vrees Wat Beide Liggaam en Siel In die Hel Kan Vernietig Nie?
- (Exodus 21:24) Wat van die Vergeldende Geregtigheid van "'n Oog vir 'n Oog"?
- (Númeri 15:32-36) Waarom Het God die Verskriklike Doodsvonnis van Steniging Beveel?
- (Deuteronómium 32:39) Waarom Sê God "Ek Maak Dood en Ek Maak Lewend"?
- (Jeremia 18:7-10) Waarom Sê God Hy Sal Berou Hê Oor die Onheil Wat Hy Beplan Het ?
- (1 Samuel 15:1-3) Waarom Sou 'n God van Liefde Koning Saul Beveel om Mans, Vrouens en Babas Dood te Maak?
- (Johannes 2:13-16) Het Jesus nie Geweld en Woede Getoon Toe Hy die Geldwisselaars Uit die Tempel Gegooi Het Nie?
- (Exodus 20:24) Het die God van Liefde Werklik 'n Onmenslike Praktyk Voorgeskryf om Miljoene Diere Dood te Maak om Hom te Bevredig?
- (Openbaring 14:10-11) Sê die Bybel Nie dat God Mense "Vir Ewig en Altyd" Sal Verbrand en Martel Nie?
- (Exodus 12:12) Wie Het Werklik die Eersgeborenes in Egipte Doodgemaak?
- (Genesis 19:13, 24-25) Het God Engele Gestuur om die Inwoners van Sodom en Gomorra Dood te Maak?
- (Genesis 6:5-7) Het God Werklik Miljoene Mense In die Vloed Verdrink?
- (Jesaja 45:7) Het God die Bose Geskep?

*"Ons tree dan op as gesante om Christus wil, asof God deur ons vermaan. Ons bid julle om Christus wil: **Laat julle met God versoen**:"*
*(2 Korinthiërs 5:20)*

## Vir meer inligting beveel ons hierdie boeke aan.
## Beskikbaar by *vadervanliefde.com*




Watter stappe moet geneem word om in volkome harmonie met God te kom?

Vereis God dat bloed gestort moet word voordat Hy ons sal vergewe?

Het God sy Seun laat doodmaak om ons sondeskuld te betaal?

Waarom het Jesus Homself vergelyk met die verheffing van 'n slang?

Wat is die betekenis daarvan dat Moses die Rots geslaan het toe Hy beveel was om daarmee te praat?

Is strafvervanging nodig vir redding?

Is die dood aan die kruis 'n plaasvervangende versoening vir ons sondes?

Verkondig die Christelike kerke die volledige waarheid van Versoening?

Waarom die Kruis en wie benodig dit?


Waarom word die Kruis benodig vir ons redding?

Is die toorn van God deur die dood van Sy Seun bevredig?

Wat is God se geregtigheid en verskil dit van ons geregtigheid?

Waarom het Jesus Homself vergelyk met 'n slang op 'n paal?

Wat leer ons by die Heiligdom van Israel omtrent die kruis?



# Alles wat jy gedink het jy weet van die evangelie is op die punt om ‘n omwenteling to ondergaan!

Die “Strafvervangingsteorie” is die gewildste manier om die evangelie in Christelike kringe te verduidelik. Dit verkondig dat God nie gewillig of in staat is om bloot sonde te vergewe sonder om eers 'n bevrediging daarvoor te vereis nie. *(Wikipedia).*

Om hierdie probleem op te los, verduidelik ’n gewilde Christelike webwerf genaamd *gotquestions.org*: “Jesus se offer aan die kruis neem die plek in van die straf wat ons vir ons sondes behoort te ly. **As gevolg hiervan is God se geregtigheid bevredig, en diegene wat Christus aanneem kan vergewe word en met God versoen word.**”

’n Ander bekende teoloog, John MacArthur, voeg by: “Die realiteit van Christus se plaasvervangende dood namens ons is die hart van die evangelie volgens God … **Ons moet egter onthou dat sonde nie Jesus doodgemaak het nie; God het.** Die lydende dienskneg se dood was niks minder as 'n straf wat deur God toegedien is vir sondes wat ander gepleeg het. Dit is wat ons bedoel wanneer ons praat van strafregtelike plaasvervangende versoening … Hy het die geregtigheid ten volle bevredig en ons sonde vir ewig weggeneem deur die dood van sy Seun.”

En Jon Bloom van *desiringgod.org* skryf: “**Jesus was hoofsaaklik die voorwerp van sy Vader se wraak** - die mees regverdigste en verskriklikste wraak wat daar is.”

Maar is dit werklik die evangelie van die koninkryk wat Jesus kom demonstreer het? Het Jesus werklik gekom om God se geregtigheid en toorn te bevredig, sodat ons gered word van ’n gewisse dood deur ons hemelse Vader? Is ons deur Satan en ander bedrieg om die moord van Jesus op God te plaas, om ons eie toorn en vyandigheid teenoor God weg te steek, onsself te bevry van ons eie skuldige gewete, en om ons eie sin vir geregtigheid te bevredig?